# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Julie 2022

AfriForum Tydskrif





# FEDERALISME is die OPLOSSING

ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Shammah
CONFERENCE VENUE



# SLEGS GROEPBESPREKINGS

GEEN DAG BESOEKERS NIE









### WILDLEWE

**2000** hektaar - Geniet die natuurlewe, **asemrowende** landskappe en aktiwiteite

### JAG

Ons het meer as **1000** wildsbokke op die plaas

### AKKOMMODASIE

**Luukse** akkommodasie in die hartjie van die natuur

### KERKGROEPE

Kom **bymekaar** vir lof & aanbidding

**GIDEON:** +27 83 647 4788 | **NICK:** +27 83 212 4590
**EPOS:** bookings@shammahgamelodge.co.za
**WEBWERF:** www.shammahgamelodge.co.za

# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur @AletRademeyer

Die meeste mense, Afrikaners ook, wil net 'n normale lewe in 'n normale land lei.

Maar onder die ANC-regering, wat gekenmerk word aan verval, korrupsie, onbevoegdheid, wanbestuur, kaderontplooiing, rassisme en mislukkings, blyk 'n normale lewe al hoe minder moontlik te wees.

Dit is binne hierdie werklikheid dat Afrikaners al hoe meer gedwonge voel om normaliteit op te eis én self daarvoor te werk.

AfriForum, een van die instellings binne die groter Solidariteit Beweging, glo die antwoord lê in federalisme, groeiende outonomie en selfstandigheid.

Daar is wêreldwyd baie navorsing oor politieke stelsels, wat federalisme insluit, gedoen. Ek gaan nie eens poog om dit te doen nie. Kom ek volstaan met 'n eenvoudige verduideliking soos vervat in Flip Buys, voorsitter van die Beweging, se boek *Die pad na selfbestuur*.

'n Federale stelsel beperk en beteuel die soewereine gesag (die oppermag en hoogste gesag van die staat) deur dit te verdeel en slegs sekere omskrewe regte aan die regering toe te ken. Dit is die enigste metode waarmee nie net die meerderheid nie, maar ook die mag van die mense in die geheel, beperk kan word.

Suid-Afrika was in die tagtigerjare toenemend in 'n politieke doodloopstraat. Dit het die NP en die ANC as die twee hoofspelers met min beweegruimte gelaat. Daar was basies twee keuses: Die gewone "een mens, een stem"-meerderheidsregering wat oral in Afrika gebruik is of die vestiging van 'n federale bedeling wat meerderheidsregering vir minderheidsbeskerming sou verruil. Talle kenners het gewaarsku dat meerderheidsdemokrasie nie 'n blywende oplossing sou bied nie.

Ondanks soveel internasionale lesse oor die sukses van multi-etniese federasies, soos wat Jaco Kleynhans op bl. 12 verduidelik, het Suid-Afrika in 1996 'n gewone meerderheidsbestel gekies. Die werklikheid is dat 'n onwerkbare sentralistiese stelsel op 'n uiters heterogene land afgedruk word.

Ons beleef dit nou elke dag en dit word onhoudbaar. Meerderheidsregering het meerderheidsoorheersing geword.

> **Een persoon kan tog nie al die mag en beheer hê nie.**

Ons weet die ANC kan nie die land behoorlik regeer nie en daarom het ons lankal met strategieë begin om sover moontlik onafhanklik van die staat te raak. Om vry, veilig en voorspoedig hier te leef en te oorleef, moet ons planne maak en hê wat prakties uitvoerbaar is en ons hoop gee.

Ons weet ook die magsbehepte ANC-regering sal nooit uit eie wil mag van "bo" na federale gedeeltes of provinsies of gemeenskappe afstaan nie. Daarom dat organisasies soos die Kaapse Forum regsekerheid wil kry oor of 'n referendum in die Wes-Kaap uitgeroep kan word oor die afwenteling van nasionale mag na die provinsie.

Terwyl daar op die uitslag van prosesse soos hierdie gewag word, gaan AfriForum en die Solidariteit Beweging egter nie vir die ANC



toestemming vra om projekte aan te pak en meer selfstandig te word nie. Die staat verswak so vinnig dat federalisme van "onder af" gebou en tot stand gebring moet word. In praktyk kom dit neer op selfdoen. En daarvan is daar al heelwat voorbeelde binne AfriForum, soos die vestiging van buurtwagte, takke, AfriForum Teater, AfriForumTV en baie ander inisiatiewe.

Federalisme is egter nie net van toepassing op 'n staatsbestel of die bestuur van provinsies of ondernemings nie. As ons mooi daaroor dink, is die beginsels ook van toepassing op jou eie gemeenskap en selfs jou gesin. Een persoon kan tog nie al die mag en beheer hê nie. Daar waar dit gedeel word, is gemeenskappe en selfs gesinne sterker en kan elkeen toegerus word om sy of haar deel tot die groter doelwit (sukses, voorspoed en volhoubaarheid) by te dra.

'n Voorwaarde vir sukses is egter dat mense of groepe met mekaar moet saamwerk. Elkeen van ons moet hand in eie boesem steek en kyk hoe ons beter saam met individue by die werkplek, die skool, die kerk en ander instellings waarby ons betrokke is, kan werk.

**Rom. 8:31**

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

MENGSEL
Papier van verantwoordelike bronne
FSC® C022948
www.fsc.org

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om vanaf dié uitgawe van *Forum Tydskrif* slegs papier te gebruik wat op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

# Binnekant

Forum Tydskrif | Julie | Uitgawe 27













**14**
**Heindrich Wyngaard**

**18**
**Privaat Vervolging**

**25**
**Zimbabwe-hofsaak**

**28**
**Afrikaanse Taalmonument**

**32**
**Internasionale skakeling**

**40**
**Massapatrollie**

**44**
**Kuba**

**50**
**Kraal: Nuwe boek**

**51**
**Konserte in Australië en Nieu-Seeland**

**52**
**Takke woeker in dorpe**

**55**
**Meer toerusting vir dorpe**

**57**
**Slim redenaars**

AfriForum-lede moet asseblief laat weet of hulle *Forum Tydskrif* aanlyn wil lees of per pos wil ontvang. Adresveranderings of navrae rondom lidmaatskap kan ook gestuur word na **ledesake@afriforum.co.za** of **navrae@forumtydskrif.co.za**.

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

## DIE SPAN

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Rekeninge**
William Waugh
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Ernst Roets
Ilze Nieuwoudt
Sue-Ann de Wet
Ernst van Zyl
Alana Bailey
Reiner Duvenage
Barend Uys
Jaco Kleynhans
Natasha Venter
Ischke van Eeden
Louis Krouwkamp

AfriForum

Forum Tydskrif het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za



AfriForum

# LEDEVOORDELE

## AfriForum-lidmaatskap
### bied jou die volgende nuttige voordele:




DIENSTE

**AFRIFORUM SE 911-NOODDIENS**
**AFRIFORUM SAKENETWERK**
**AFRIFORUM SPORT**
**AFRIFORUM TEATER**
**TESTAMENTVOORDEEL**

KOMMUNIKASIEMIDDELE

**AFRIFORUM 911-NOODKNOPPIETOEP**
***VONKPOS***
***FORUM TYDSKRIF***

PRODUKTE

**VIRSEKER**
**CTRACK**

Besoek **"Ledevoordele"** op AfriForum se webtuiste by **www.afriforum.co.za** vir meer inligting oor ons **vakansie- en verblyfvoordele.**



## Beste Lid,
## is jy wintervoos?

AfriForum se ledevoordeleafdeling het 'n plan om jou seisoen op te kikker!

**NEEM DEEL AAN AFRIFORUM SE LEDEVOORDELE-KOMPETISIE EN WEN FANTASTIESE VAKANSIEPAKKETTE!**

**Dinge om van 9 tot 26 Augustus te doen:**

- Besoek AfriForum se Facebook-blad.
- Besoek "Ledevoordele" by www.afriforum.co.za.
- Besoek alle AfriForum-sosialemediaplatforms.
- Kyk uit vir 'n WhatsApp-boodskap van ons af.

# WEN GROOT!

**Op 1 September gaan ons vyf gelukkige wenners laat kraai van vreugde. Jy kan een van hulle wees! Maak 'n knoop in jou oor. Stel herinnerings op jou foon. Merk jou dagboek.**

# Wat sê *Forum*-lesers?

## ANGELA KOSTERMAN

Ek wil graag julle tydskrif bly ontvang. Nié digitaal nie, maar op papier. Ek is nog van die papirus-generasie. Laat weet watter stappe ek moet volg om die tydskrif te ontvang. My laaste een was in 2020. (Baie dankie vir jou skrywe én die feit dat jy graag die tydskrif gedruk wil ontvang. Die nodige reëlings is met Ledesake getref. Geniet hierdie uitgawe en dankie vir jou ondersteuning. – **Redakteur**)

## TONY GREEFF

Verander asseblief my adres om die tydskrif te ontvang. Geseënde dag vir julle en baie dankie vir die goeie werk wat julle doen!

**Stuur 'n e-pos na ledesake@afriforum.co.za of besoek https://my.afriforum.co.za/ vir adres- of bankveranderings en om aan te dui of jy die tydskrif digitaal wil lees of per pos wil ontvang.**

## JOHANNY ZINSERLING

Op 9 Januarie 2021 het ek na aanleiding van 'n artikel in *Forum Tydskrif* van Julie 2020 'n navraag gerig in verband met Privaat Vervolging se betrokkenheid by die Sharemax-saak. Tot op hede was daar nie terugvoer nie. Is dit 'n oorsigfout aan die kant van die redakteur of is die aangeleentheid te sensitief? Indien dit die geval is moes die artikel nie gepubliseer word nie. Ek wag in spanning op u kommentaar. (Beste Johanny. Jou ontevredenheid en frustrasie rondom die aangeleentheid is heeltemal te verstane en talle voormalige beleggers deel jou gevoel. Ongelukkig draai die wiele van geregtigheid én hofprosesse baie stadig. Lees egter die artikel op bl. 20 oor die jongste verwikkelinge in dié saak. – **Redakteur**)

**Skakel AfriForum by 086 10 200 30.**

## A.P. VAN DER WESTHUIZEN

Ek is al 'n hele aantal jare lid van AfriForum. Ongelukkig het ek nie julle e-posadres ten opsigte van lede nie. Ongelukkig moet ek my lidmaatskap weens omstandighede kanselleer. Voorspoed vir julle goeie werk wat julle aan die Afrikanerdom lewer. Ek bid dat die Here vir julle drie nuwe lede in my plek sal gee. (Baie dankie vir jou skrywe en jou jarelange ondersteuning. Dit is danksy mense soos jy dat AfriForum elke dag kan veg en bou en kan doen wat ons doen. Sterkte vir jou toekoms. – **Redakteur**)

## SÊ JOU SÊ!



***Forum Tydskrif* hoor graag van ons lesers en AfriForum-lede. Julle is welkom om kommentaar op die inhoud of artikels te lewer of sommer net saam te gesels. Stuur 'n e-pos na navrae@forumtydskrif.co.za.**



# DE GOEDE HOOP KOSHUIS





## WAAR BLY JY AS JY NIE BY JOU MA BLY NIE?

BLY IN DE GOEDE HOOP-KOSHUIS.

Opedag





DE GOEDE HOOP

'n Inisiatief van AfriForum

## Opedag 2022

**Waar:** 1233 Burnett straat, Hatfield, Pretoria, 0028

**Wanneer:** 30 Julie 2022 | **Tyd:** 08:00 - 13:00

Vir meer inligting stuur 'n e-pos aan

admin@degoedehoop.co.za

# Federalisme is alternatief tot SA se mislukkende sentralisme

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum



**“AfriForum se benadering is dat ons ruimte skep waarbinne ons lede en ondersteuners kan saamwerk.**

**Kallie Kriel**, uitvoerende hoof van AfriForum.

FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

Hoe tragies dit ook al mag wees, die tyd het aangebreek dat ons maar eerlik vir mekaar moet sê dat die Suid-Afrika soos ons dit vandag ken nou op vele terreine 'n mislukking is.


Die wanfunksionering van bankrot en korrupte staatsondernemings, munisipaliteite en staatsdepartemente het nou 'n direkte impak op elkeen van ons se daaglikse lewens. Beurtkrag, slaggate, riolstortings, die mislukkende strafregstelsel, die vernietiging van die spoornetwerk en agteruitgang op vele ander terreine is duidelik vir ons almal om te sien.

Ten spyte van al hierdie probleme bly die suidpunt van Afrika ons kultuurtuiste. Ons wortels en ons toekoms lê hier. Juis daarom verval AfriForum en die Solidariteit Beweging nie in moedeloosheid nie, maar werk ons volstoom om vir ons gesinne, gemeenskappe en nageslag 'n toekoms uit te kerf waar ons blywend vry, veilig en voorspoedig hier aan die suidpunt van Afrika kan leef en fokus ons ook daarop om wedersydse erkenning en respek tussen die onderskeie kultuurgemeenskappe in die land te bevorder.

### SA HET 'N BEDELINGSPROBLEEM GENAAMD SENTRALISME

In die soeke na oplossings moet die probleem natuurlik eers geïdentifiseer word. Dit is duidelik dat die oorsaak vir die probleme in die land veel dieper lê as bloot 'n korrupte voormalige president en onbekwame staatsamptenare. Suid-Afrika het eerder 'n bedelingsprobleem genaamd sentralisme.

In 'n land soos Suid-Afrika wat oppervlakgewys so groot soos talle Europese state saam is, is dit onafwendbaar dat 'n sentralistiese regering wat vanuit Pretoria wil besluit wat goed is vir elke gemeenskap, dorp, streek en provinsie sal misluk. Hierdie sentralistiese mislukking word vererger as die regering boonop 'n kakistokrasie ('n regering deur die slegstes) en korruptokrasie is wat vanaf 'n sentrale vlak onbekwame kaders tot op elke grondvlakstruktuur ontplooi.



Die werklikheid is dat elke gemeenskap, dorp, streek en provinsie veel beter weet wat die beste vir hulle is as 'n magsbehepte sentrale regering. Daarom moet gemeenskappe self kan besluit oor sake wat hulle direk raak. Die vraag is natuurlik hoe.

### FEDERALISME IS WERKBARE ALTERNATIEF

Federalisme, as teenpool tot die land se mislukkende sentralistiese bedeling, bied werkbare oplossings. Federalisme is veel meer as net 'n staatkundige term wat die afwenteling van mag van die nasionale regering na provinsies, dorpe en gemeenskappe behels. Federalisme is ook die basis vir 'n selfdoeningesteldheid, waar gemeenskappe van grondvlak af self beheer oor hulle toekoms neem deur selfstandige instellings en sterk, selfstandige gemeenskappe te vestig. Hiervoor het ons nie die ANC-regering se toestemming nodig nie en kan ons bloot die geleenthede wat bestaan aangryp.

### GEMEENSKAPSFEDERALISME

Gemeenskapsfederalisme is deel van AfriForum en die Solidariteit Beweging se DNS. Slagspreuke binne die Beweging soos "selfdoen is beter as niksdoen" en "ons sal self" het veral oor die afgelope dekade teen 'n versnellende tempo prakties begin neerslag vind. AfriForum se landwye netwerk van 165 buurtwagte en 156 takke wat selfdoenaksies aanpak is 'n praktiese voorbeeld van gemeenskapsfederalisme in aksie. So ook selfstandigheidsinstellings binne die Beweging wat Akademia, Sol-Tech, Maroela Media, Helpende Hand, die Skoleondersteuningsentrum (SOS), die FAK, Solidariteit en vele ander insluit.

### DEMOGRAFIE BEPAAL WATTER FEDERALE OPLOSSING MOONTLIK IS

Demografie bepaal watter plan volhoubaar in watter gemeenskap uitgevoer kan word. 'n Eenvoudige voorbeeld is dat dit nie werkbaar is om 'n Afrikaanse skool te bou in 'n gemeenskap waar slegs tien Afrikaanssprekendes woon nie. Skole en ander kulturele infrastruktuur kan net volhoubaar in stand gehou word waar daar genoeg Afrikaners en Afrikaanssprekendes woon om 'n ekonomie van skaal te verseker. Hierdie kulturele infrastruktuur kan wel as anker dien om dienste soos skole in stand te hou wat deur kinders uit ylbevolkte gebiede benut kan word.

Aangesien die land se demografiese werklikhede van streek tot streek wissel, bestaan daar nie net een federale oplossing vir die land as geheel nie. Om hierdie rede bestaan die federale plan wat AfriForum en die Solidariteit Beweging oor tyd ontwikkel het uit verskeie bene waarvan die toepassing verskil afhangend van die demografiese werklikhede.

### LAAT RUIMTE VIR 'N VEELHEID VAN DENKE

Benewens die demografiese werklikhede in die land is dit ook so dat nie alle Afrikaners en Afrikaanssprekendes saamstem oor watter oplossings waar nodig is nie. Party verkies oplossings in 'n gebied waar Afrikaners of Afrikaanssprekendes 'n meerderheid is, terwyl ander gemaklik is om deur selfstandige instellings as minderheidsgemeenskap in 'n meerderheidsomgewing te leef. Dit is normaal om te verskil en hoef nie 'n hindernis te wees nie. AfriForum se benadering is dat ons ruimte skep waarbinne ons lede en ondersteuners kan saamwerk oor sake waaroor hulle saamstem, maar terselfdertyd verdraagsaam is en ruimte laat vir ander om te werk vir oplossings waarvan hulle dalk mag verskil. Ruimte vir veelheid lê immers ook aan die hart van 'n federale ingesteldheid.

Waar ons lede byvoorbeeld ook verskillende sienings het oor vir watter politieke party om te stem en in 'n verskeidenheid kerkdenominasies is, verhoed dit nie dat hulle in gemeenskappe kan saamwerk om 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik om hulle gemeenskappe veiliger te maak, te bereik nie.




### SEWEBEEN- FEDERALE TOEKOMSPLAN

Gegewe die feit dat die demografiese werklikhede in die ooste en weste van die land verskil en dat ruimte geskep moet word vir verskillende oplossings in verskillende gemeenskappe en terreine, kan die federale planne wat deur AfriForum en ander instellings van die Beweging ontwikkel is en uitgevoer word, in sewe bene verdeel word. Dit kan kortliks soos volg uiteengesit word:

**1. Landwye ankergemeenskappe**

Sterk, selfstandige gemeenskappe wat hulle toekoms in hulle eie hande neem, dien as anker in die onstuimige omstandighede in die land. Die noodsaaklike kulturele en ander infrastruktuur moet in stand gehou en uitgebou word in gemeenskappe waar daar genoegsame Afrikaners woon om dit volhoubaar te kan doen. Die werklikheid is dat Afrikaners en Afrikaanssprekendes ook in ankergemeenskappe nie die meerderheid van die bevolking uitmaak nie, maar dat die ekonomie van skaal wel bestaan om noodsaaklike kulturele ruimtes te skep en in stand te hou. AfriForum, die instellings van die Beweging en ander gemeenskapsrolspelers is tans besig met ’n proefprojek in ’n ankergemeenskap in Pretoria, waar ’n gemeenskapsforum geskep word waar die onderskeie rolspelers in die gemeenskap op ’n gelyke grondslag kan saamwerk om die gemeenskap op vele terreine sterk en selfstandig te maak. Dit sluit terreine soos veiligheid, maatskaplik, onderwys en gemeenskapsekonomie in. Sodra dié plan verfyn en getoets is, sal voortgegaan word om dit elders in Pretoria en die res van die land in ankergemeenskappe te kloon.

**2. Groeiende federalisme in die Wes-Kaap**

Die demografiese werklikhede in die Wes-Kaap en ander faktore het tot gevolg dat net 20% van kiesers in dié provinsie tydens die vorige verkiesing vir die ANC gestem het. Tog gebeur dit dat polisiëring, openbare vervoer, energie, visserye, die strafregstelsel ensovoorts in die provinsie onder die beheer van die ANC-beheerde

nasionale regering staan waarvoor 80% van Wes-Kapenaars nie gestem het nie. Dit is om dié rede dat AfriForum die afwenteling van mag vanaf die nasionale regering na die provinsie, dorpe en gemeenskappe ondersteun. AfriForum was daarom ook betrokke by die stigting van die Kaapse Forum wat as platform dien waar Wes-Kaapse gemeenskappe kan saamwerk om federalisme te bevorder en sterk, selfstandige gemeenskappe te help vestig wat hulle toekoms in hulle eie hande neem. Die Kaap se toekoms moet in Kaapse hande geplaas word.

> **Sterk, selfstandige gemeenskappe wat hulle toekoms in hulle eie hande neem, dien as anker in die onstuimige omstandighede in die land.**

**3. Pretoria- kulturele kanton**

Pretoria is tans die plek in die land waar die grootste enkele konsentrasie van Afrikaners woon, naamlik meer as 'n halfmiljoen. Hoewel Afrikaners steeds 'n minderheid in die gebied is, maak die groot getalle dit wel moontlik om ten minste 12 ankergemeenskappe in Pretoria te vestig wat in vier streke georganiseer gaan word. Dit skep groot moontlikhede om kulturele infrastruktuur soos Sol-Tech, Akademia en andere hier te vestig en uit te bou wat byvoorbeeld aan Afrikaanse studente landwyd studie-opsies kan bied. Skole, aftreeoorde, erfenisbewaring by die Voortrekkermonument, AfriForum Teater, beheerkamers vir buurtwagte ensovoorts is instellings wat hier volhoubaar uitgebou kan word.

**4. Orania-kanton**

'n Gebied waar Afrikaners in die meerderheid is laat vir diegene wat hierdie ideaal nastreef groter federale opsies waar beheer nie net tot kulturele infrastruktuur beperk is nie, maar fisiese infrastruktuur soos riool en paaie ook beheer word. Daar bestaan tans landwyd letterlik honderde kulturele nedersettings in die land waar onderskeidelik Zoeloes, Xhosas, Sotho's en ander woon sonder dat dit as vreemd beskou word. Niemand verwys byvoorbeeld na die Nkungumathe-gemeenskap waarmee AfriForum saamwerk as 'n "rassistiese eksklusiewe swart enklawe" nie. Dit word tereg gesien as 'n Zoeloe-gemeenskap. Dieselfde maatstaf vir normaliteit behoort te geld vir 'n Afrikanergemeenskap.

**5. Internasionale kanton**

Dit is 'n werklikheid dat baie van ons mense die land verlaat het. Eerder as om hulle te verkwalik, moet ons hulle as 'n bate omarm. Baie van hulle se ouers woon nog hier en wil graag 'n positiewe rol speel om omstandighede in die land te verbeter. AfriForum Wêreldwyd se nuusbrief, webtuiste en sosialemediaplatforms hou reeds kontak met duisende van die mense in die buiteland. Die Solidariteit Beweging werk tans aan 'n virtuele internasionale kanton waardeur die diaspora deel gemaak kan word van die federale toekomsplan.

**6. Selfstandige instellings**

Waar die voorafgaande federale planne gebiedsgebonde is, kan selfstandige instellings ook kulturele ruimtes skep wat nie gebiedsgebonde is nie. So byvoorbeeld is Bewegingsinstellings soos Maroela Media se lesers wêreldwyd versprei. Tog bied dit 'n Afrikaanse tuiste vir lesers. AfriForumTV se kykers is ook oor die wêreld versprei, terwyl Akademia en Sol-Tech se studente van oor die land kom studeer. Akademia se telematiese opleiding met talle leersentrums (ook een in Namibië) maak onderrig wyd toeganklik. Dieselfde geld vir die Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Wolkskool, wie se leerders ook oor die land en selfs wêreld versprei is. AfriForum Teater bied 'n tuiste vir die ontwikkeling van produksies soos *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* vanwaar die produksie in die komende jaar landwyd gaan toer. Forum Sekuriteit, AfriForum se privaat sekuriteitsmaatskappy sonder winsoogmerk, se moniteringskamer kan sekuriteitskamers landwyd moniteer.

**7. Netwerk van kultuur- en ander gemeenskappe**

Federale planne beteken nie afsondering en isolasie nie. Die wese van federalisme is dat dit juis ruimte skep vir verskeidenheid en verskillende gemeenskappe om in samehang tot mekaar te bestaan en saam te werk oor sake van gemeenskaplike belang. Die meeste ouers van alle gemeenskappe in die land wil 'n vreedsame toekoms vir hulle kinders hê. Juis daarom is dit belangrik om wedersydse erkenning en respek tussen gemeenskappe te bevorder. Ons is nie ander se meerderes nie, maar beslis ook nie onderdane nie. Ons is trots op wie ons is en respekteer ander. Dit is binne hierdie konteks dat AfriForum onlangs 'n amptelike ooreenkoms met die AmaBhele-gemeenskap gesluit het en ook met tientalle ander gemeenskappe saamwerk.

## Wat kan jý doen?

Bogenoemde planne is 'n mondvol en benodig die steun van verskillende mense op verskillende terreine. Uiteraard hoef niemand aanklank te vind by al sewe die bene van die federale toekomsplan nie. Jy kan jou gewig ingooi by die bepaalde deel van die plan wat jy ondersteun of instelling van jou keuse en ruimte laat vir diegene wat hulle gewig elders wil ingooi en soms anders as jy dink. Ons word egter almal saamgebind deur die wete dat ons selfdoenoplossings sal moet skep vir 'n toekoms waar ons en ons nageslag blywend vry, veilig en voorspoedig hier aan die suidpunt van Afrika kan leef, terwyl ons ook wedersydse erkenning en respek met en vir ander gemeenskappe bevorder. Kom ons doen dit, want ons kan!

# FEDERALISME is reg oor Europa ’n oplossing wat werk



FOTO'S: JACO KLEYNHANS

**Jaco Kleynhans** buite die Vlaamse Parlement.



Die Solidariteit Beweging-afvaardiging voor die Federale Parlement in Bern.

Deur Jaco Kleynhans

Afgevaardigdes van sewe instellings van die Solidariteit Beweging, insluitend AfriForum, het onlangs ’n studietoer na Europa onderneem om federalisme op dié kontinent verder te ondersoek. Die persepsie bestaan soms in Suid-Afrika dat federalisme ’n vreemde konsep is, maar die werklikheid in die res van die wêreld, en veral in Europa, is dat dit ’n suksesvolle politieke model in verskeie lande is wat reeds dekades lank gemeenskappe bymekaar bring, maar ook die mag desentraliseer ten einde uiting te gee aan die demokratiese beginsel van verteenwoordiging.

In Europa is van die beste voorbeelde van federalisme in België, Switserland, Oostenryk en Duitsland. Ons het Bern en Genève in Switserland besoek. Switserland het een van die mees gedesentraliseerde politieke stelsels in die wêreld met 26 kantons, of federale state, wat elk ’n eie grondwet, parlement, polisiediens, howe en beheer oor die meeste regeringsfunksies soos onderwys, kultuur en sport het. Al verskil die kantons dramaties in geografiese en bevolkingsamestelling, word hulle as gelyke partye binne die federale staat gesien.

> **Switserland is een van die ekonomies suksesvolste lande ter wêreld, met ’n groot mate van sosiale kohesie tussen burgers en met hoë vlakke van tevredenheid oor die politieke stelsel.**

Die federale regering in Bern het beperkte magte en bestaan sedert 1956 as ’n koalisie van die vier grootste partye in die land. Die sewe setels op die Federale Raad word volgens verkiesingsprestasie aan die partye toegeken en dié sewe persone dien dan vier jaar lank as kollektiewe staatshoof van die land met die presidentskap wat jaarliks roteer. Dit verklaar waarom min mense vir jou kan sê wie tans Switserland se staatshoof is.

Switserland is in die Middeleeue as ’n konfederasie opgerig en in 1848 is dit in ’n federasie omskep, hoewel die federale regering se magte steeds streng beperk is. Afgesien daarvan dat die kantons oor groot politieke mag beskik, word die mag selfs verder afgewentel met referendums wat drie tot vier keer per jaar plaasvind en kiesers wat deur direkte demokrasie oor die belangrikste beleidsaspekte van die federale regering kan besluit.

Dit is opvallend hoe die verskillende kantons van Switserland van mekaar verskil. In Genève is ’n duidelik Franse karakter, dit is meer globalisties (ook vanweë die teenwoordigheid van talle internasionale organisasies) en dit is in sommige opsigte meer liberaal.



In die Duitse dele van Switserland lyk die argitektuur weer anders en selfs die eetgewoontes verskil. Landelike dele is meer konserwatief en veral op landbou gefokus.

Die belangrikste beginsel van die Switserse politieke stelsel is egter dat federale politieke mag tot die minimum beperk word en dat Switserland se verskillende taal- en kultuurgemeenskappe, maar ook landelike en stedelike gemeenskappe en gemeenskappe met verskillende ekonomiese modelle, almal geakkommodeer en bemagtig word om suksesvol te wees.

Switserland is een van die ekonomies suksesvolste lande ter wêreld, met 'n groot mate van sosiale kohesie tussen burgers en met hoë vlakke van tevredenheid oor die politieke stelsel. Dié vlakke is heelwat hoër as in streng eenheidstate waar daar toenemend ontevredenheid oor die sentralisering van mag is.

In België is 'n ou probleem – die botsende regte en eise van dié land se twee grootste taalgemeenskappe, naamlik die Franstalige Wale in die suide en die Nederlandstalige Vlaminge in die noorde – deur nóg 'n unieke federale model opgelos. België het vandag 'n komplekse politieke stelsel met 'n federale parlement, 'n parlement vir die stad Brussel, twee regerings in Wallonië, een vir die Duitssprekende minderheid en een gekombineerde regering vir die Vlaminge. Die twee regerings spruit uit die behoefte om tussen "gewesten" en "gemeenskappe" te onderskei. Daar is dus in Wallonië 'n parlement vir die Waalse gebied (die grondgebied of gewest) en 'n parlement vir die Franstalige gemeenskap (van wie sommige ook in Vlaandere woon). Die Vlaminge het egter besluit om die regeringsfunksies van die Vlaamse gewest (gebied) en die Nederlandse taalgemeenskap in een parlement saam te voeg.

Hoewel die Belgiese stelsel 'n baie ingewikkelde stelsel is, het dit talle probleme en konflik tussen die verskillende groepe in België



Standbeelde in Bozen.

tot 'n groot mate ondervang. Die Belgiese politieke model word ook elke paar jaar hervorm en die sesde staatshervorming is in 2012 afgehandel. 'n Sewende staatshervorming word reeds in die vooruitsig gestel en baie mense in Vlaandere wil hê dat België dan van 'n federasie na 'n konfederasie verander.

In Duitsland en Oostenryk



Merenon in Suid-Tirool.

is daar deelstate wat ook oor heelwat mag beskik, wat selfs na munisipaliteite afgewentel word. In Duitsland is dié land se uitstekende gesondheidsorgstelsel byna heeltemal gedesentraliseer. In Oostenryk is dit vir sommige deelstate belangrik dat al die mag nie net in Wene, waar meer as 20% van Oostenrykse burgers woon, gekonsentreer word nie. In die deelstaat Tirool, in die suidweste van Oostenryk, is daar 'n sterk eie kultuurbewustheid (Tirool was eeue lank onafhanklik voordat dit deel van Oostenryk geword het) en federalisme skep ruimte vir die Tirolers om hul eie identiteit uit te leef.

Tot en met die einde van die Eerste Wêreldoorlog was Noord-Tirool, Oos-Tirool en Suid-Tirool deel van die Oostenryks-Hongaarse Ryk. Ná die oorlog het Noord-Tirool en Oos-Tirool die deelstaat Tirool in Oostenryk geword, terwyl Suid-Tirool aan Italië gegee is. Dit het 'n bestaanskrisis ontketen vir die Duitssprekende Tirolers wat skielik oornag Italiaanse burgers geword het.

Ná 'n stryd van meer as vyf dekades is streeksoutonomie in die 1970's aan Suid-Tirool toegeken, wat intussen verder uitgebrei het tot 'n vlak waar die regering van Suid-Tirool 90% van die streek se belastinggeld terugkry en in beheer van die meeste staatsfunksies is. Hoewel Italië 'n eenheidstaat sonder federale kenmerke is, is daar vyf streke in Italië wat vanweë historiese redes verskillende vlakke van outonomie geniet wat vergelyk kan word met die outonomie wat die kantons in Switserland of die geweste in België geniet.

Suid-Tirool is ook besoek. Die Beweging het reeds 'n verbintenis van 12 jaar met dié streek. Suid-Tirool is 'n baie belangrike gevallestudie vir Afrikaners en vir Suid-Afrika. Hoewel Duitssprekende Tirolers slegs 320 000 van Italië se byna 60 miljoen burgers uitmaak, word hulle taal en kultuur glad nie bedreig nie en word dit inderwaarheid daagliks bevorder. Die redes hiervoor is dat die Suid-Tirolers gekonsentreerd saam in een provinsie woon en dat hulle sterk instellings het wat kultuur, taal en tradisies bevorder en aan volgende geslagte oordra. Met 'n outonomie-ooreenkoms kan die Suid-Tirolers die meeste regeringsfunksies self verrig.

Dit is belangrik dat mense in Suid-Afrika moet weet wat die voordele is wat alternatiewe regeerstyle soos in België, Switserland en Suid-Tirool inhou. Selfs Oostenryk en Duitsland put daagliks voordeel uit die vrugte van federalisme.

Suid-Afrika is 'n komplekse, groot land met 'n baie ingewikkelde demografiese samestelling en groot geografiese verskille. Dit is die soort land wat baie moeilik as 'n eenheidstaat vanuit een sentrale regering doeltreffend bestuur kan word. Die pad na federalisme is soms moeilik en ingewikkeld. België het bewys die pad na outonomie vir streke soos dié in Suid-Tirool kan dekades neem. Dit is egter duidelik dat dit die moeite werd was om hierdie lang en moeisame pad te volg.

Suid-Afrikaners moet bewus gemaak word van die noodsaak om na 'n beter, meer federale en gedesentraliseerde Suid-Afrikaanse bestel vir die toekoms te werk. En dit is presies wat AfriForum, Solidariteit en die ander instellings van die Beweging met groter dringendheid moet aanpak.

***Jaco Kleynhans is 'n onafhanklike ontleder en hoof van Internasionale Skakeling by die Solidariteit Beweging.***

# Kaapse Forum werk vir groter federalisme in die Wes-Kaap

*Die strewe na groter outonomie en federalisme in die Wes-Kaap het in Mei tot die stigting van die Kaapse Forum gelei. Dié organisasie, met wie AfriForum baie gemeen het, sal onder meer daarop fokus om gemeenskapselfstandigheid in Wes-Kaapse gemeenskappe te bevorder.* **Alet Rademeyer** *het 'n paar vrae aan Heindrich Wyngaard gestel wat die uitvoerende voorsitter van dié nuwe organisasie is.*

**Die Kaapse Forum is net meer as twee maande gelede gestig. Hoe sal jy hierdie eerste paar weke beskryf?**

Dit was 'n openbare storm soos wat die Kaap vir lank nie ervaar het nie! Maar een wat oor provinsiale grense heen gewoed het, in die media, op sosiale media en rondom braaivleisvure. Maar mettertyd het dit bedaar en kon ons rustig aan mense verduidelik waaroor die Kaapse Forum gaan: In kort, oor gemeenskapsversterking en om selftrots aan te moedig.

**Julle het tydens die bekendstelling aangekondig dat julle Alan Winde, Wes-Kaapse premier, genader het oor 'n moontlike referendum om polisiëringsmagte in die provinsie van nasionaal afgewentel te kry. Het julle al terugvoer van hom gekry en wat is die volgende stap?**

Regeringsprosesse neem dikwels langer as wat 'n mens sou wou hê, maar ons is nie angstig hieroor nie. Dit is 'n gewigtige saak waaroor ons aan premier Winde geskryf het, so die verwagting was altyd dat hy dit eers goed sal wil oorweeg en met sy eie bestuurspan en regsafdeling oorleg sal wil pleeg. Dit verminder egter nie ons entoesiasme om aan te hou stry dat polisiëring 'n provinsiale funksie moet word nie. Misdaad is 'n té groot probleem in die Wes-Kaap om aan te hou om polisiëring aan 'n onbeholpe nasionale minister en regering toe te vertrou.

**Daar was baie kritiek en selfs ongevraagde aanvalle op jou en jou besluit om die Kaapse Forum te lei. Hoe verwerk jy dit en pla dit jou? Het jy in die proses vriende verloor of nou geleer wie jou ware vriende is?**

Die kritiek pla my nie op 'n persoonlike vlak nie. Dit pla my wel dat dit in baie opsigte van mense gekom het wat onkundig is oor dit waarvoor die Kaapse Forum staan en eerder wou uiting gee aan hul haat teenoor AfriForum. In die gevalle waar mense wat ek vooraf as vriende beskou het, ook gereageer het asof hulle nie al lank 'n pad met my saamstap en my dus as mens behoort te ken nie, het my oë wel oopgegaan oor die Judasse wat hulself uiteindelik geopenbaar het. Miskien is ek ook nou van minder waarde vir mense wat kamstig met my bevriend was toe ek nog in die media gewerk het, maar eintlik net naby my wou beweeg vir mediablootstelling.

**Ons land is vol mense wat oor oneindig baie dinge verdeeld is. Hoe dink jy oorbrug 'n mens dit en hoe glo jy moet die Kaapse Forum te werk gaan om meer mense agter die organisasie en sy doelwitte geskaar te kry?**

Samewerking is 'n belangrike ingesteldheid vir die Kaapse Forum. Ons vennootskap met AfriForum



Heindrich Wyngaard

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

is tog die beginpunt. So ons sal met enige groep, individu, party of organisasie saamwerk oor sake van gemeenskaplike belang. Uiteindelik sal mense self besluit of hulle by die Kaapse Forum gaan staan, maar ons is vasbeslote om tree vir tree op gemeenskapsvlak te presteer en suksesse op te bou.

**Vertel 'n bietjie meer van jou komvandaan en hoe dit die krag en ideaal van selfdoen in jou as mens ontsluit het.**

Ek is op 'n plaas in die Caledon-distrik gebore. Landbou is dus in my bloed. Toe ek my verstand kry, het ons dorp toe getrek en het my ma as 'n bediende en my pa as 'n algemene werker by die destydse Afdelingsraad gewerk. Plattelandse mense, spesifiek Afrikaanssprekendes, lê my na aan die hart. Armoede het my nie ondergekry nie, maar eerder gemotiveer om daaruit te ontvlug deur hard te werk. In my behoort ander kinders uit daardie selfde omstandighede 'n bewys te sien dat 'n mens kan as jy wil.

**Was daar al enige samesprekings tussen ander belangegroepe in die Wes-Kaap om saam te werk ten opsigte van groter outonomie en die bevordering van federalisme in die provinsie?**

Ons bou goeie verhoudings met groepe so uiteenlopend soos CapeExit, wat onomwonde daarop ingestel is dat die Wes-Kaap onafhanklik moet word, maar ook met ander soos Khoi-groepe en vissersgemeenskappe wat gewoon sal wil toesien dat hulle hul regmatige deel van die nasionale regering kry en daarom gunstig reageer op die idee van die afwenteling van magte na die provinsie, munisipaliteite en gemeenskappe.

**Daar is in die media heelparty meningsvormers en/of politieke ontleders wat teen die gedagte van federalisme is en meen die ANC-regering sal nooit "toelaat" of "ingee" om groter gesag en magte na provinsiale regerings af te wentel nie. Dink jy dit is moontlik om politici, in die besonder die ANC, se siening hieroor te verander? Indien wel, hoe moet dit gedoen word?**



William Waugh, Caroline van der Linde, Heindrich Wyngaard, JP Keyter en Kallie Kriel.

Die kommentators is waarskynlik reg, maar drukgroepe soos die Kaapse Forum word gestig omdat ons glo as jy genoeg druk toepas vergroot jy die moontlikheid van dit wat jy wil behaal. Om sonder meer boedel oor te gee omdat jy 'n sterk vermoede het of oortuig is dat politici nie sal instem tot iets nie, sal aan politici die mag gee om aan te hou om namens jou onnooslike dinge aan te vang. Sou regimeveranderings in enige van die lande waar "sterkmanne" regeer het ooit gebeur het as die plaaslike mense nie saamgestaan het vir dit waarin hulle geglo het nie?

**Jy is 'n bekende en gerespekteerde joernalis en meningsvormer. Beteken dit dat jy jou pen in hoofstroommedia eers neergesit het?**

Ek sal steeds meningsartikels skryf sodat ek my rol as meningsvormer kan aanhou uitoefen en om die Kaapse Forum se profiel op dié wyse te help bou.

**Watter planne en inisiatiewe is daar om die Kaapse Forum op grondvlak aan die mense bekend te stel sodat hulle kan verstaan wat die organisasie uiteindelik wil bereik?**

Ons begin is wat ons 'n luister-met-begrip-veldtog noem. Dit beteken om met groepe en gemeenskappe te ontmoet om te verstaan wat hulle as hul grootste behoeftes beskou en om dan te sien hoedat die Kaapse Forum 'n rol kan speel in die soeke na oplossings daarvoor.

**Is daar bepaalde doelwitte wat jy binne die volgende vyf jaar vir die Kaapse Forum en vir jouself wil bereik?**

Ons is 'n lede-organisasie, so ek sal graag wil hê dat ons oor vyf jaar moet kan wys dat ons noemenswaardige vordering met ledewerwing gemaak het. Daarby moet ons oor vyf jaar erkenning geniet as 'n belangrike rolspeler in die sake van Wes-Kaapse inwoners.

**Hoe kan mense lid word van of by die Kaapse Forum betrokke raak?**

Ons webtuiste is reeds aktief en daar word duidelike aanduidings gegee oor hoe jy kan aansluit of betrokke kan raak. Besoek gerus **www.kaapseforum.co.za**.

**Hoewel die Kaapse Forum waarskynlik tans jou grootste prioriteit is, wat doen jy en jou gesin graag saam?**

My skuif terug Kaap toe uit Johannesburg om hierdie nuwe rol aan te neem maak dit vir my moontlik om nou my kinders meer gereeld te sien – en om vir die eerste keer ooit werklik huis te kan opsit. Dit verskaf my ongelooflik baie genot dat ek ook vir die eerste keer ooit die meeste van my boeke op een plek kan huisves (en daar is nog 'n paar bokse wat uitgepak moet word). Dit is net my oefenroetine wat sukkel om aan die gang te kom, maar ek hou goeie moed.

# Kaapse Forum wil federalisme in die Wes-Kaap bevorder

Deur Alet Rademeyer

Baie is sedert die bekendstelling van die Kaapse Forum in Mei in die Kaap gesê.

Daar was positiewe én negatiewe kritiek waaraan laasgenoemde waarskynlik toegeskryf kan word aan 'n gebrek aan insig oor wat die werklike doelwitte en oogmerke van die nuwe organisasie is. 'n Gebrek aan insig oor wat federalisme en groter onafhanklikheid vir gemeenskappe beteken.

Mense behoort dit ook beter te verstaan as hulle kyk na die demografiese werklikhede in die Wes-Kaap. Die oorgrote meerderheid stemgeregtigdes in dié provinsie stem nié vir die ANC nie. Tog is alle belangrike dienste soos polisiëring, openbare vervoer, kragopwekking en die strafregstelsel onder die beheer van die ANC-regering. 'n Regering waarvoor 80% van inwoners nie gestem het nie. Hierdie inwoners glo tereg dat hulle meer seggenskap oor sake van belang in hul provinsie wil hê soos byvoorbeeld ook kultuur- en onderwyssake. Hulle is ten gunste van die afwenteling van mag én hulpbronne vanaf die nasionale regering na die provinsie, plaaslike munisipaliteite en gemeenskappe.

AfriForum glo ook in hierdie beginsel en steun derhalwe die aksies van die Kaapse Forum. Vandaar die leuse: Plaas die Kaap se toekoms in Kaapse hande.

Die organisasie werk reeds aan sy eerste veldtog, naamlik om polisiëringsmagte van nasionaal na provinsiaal afgewentel te kry.

Volgens Heindrich Wyngaard, uitvoerende voorsitter van die Kaapse Forum, is polisiëring – gegewe die groot misdaadprobleem in die provinsie – 'n prioriteit in die Wes-Kaap. 'n Skrywe is reeds aan Alan Winde, premier van die Wes-Kaap, gestuur waarin hy genader is oor die moontlikheid om 'n referendum in die provinsie uit te roep waarin gevra word dat die nasionale polisiemagte na die provinsie afgewentel word en dat nasionale tesourie die geld vir polisiëring in die Wes-Kaap direk aan die provinsie oorbetaal. Van die redes hiervoor is omdat daar 5 000 vakante poste in die SAPD in die provinsie is en omdat daar ernstige vrae is oor waarom die owerheid nie geld vir polisiëring aanwend in die stryd teen bendebedrywighede in die Wes-Kaap nie.

Die Kaapse Forum sal fokus op sake wat alle gemeenskappe in die Wes-Kaap saambind. Daarom is dit ook reeds betrokke by samesprekings oor die moontlike naamsverandering van die Afrikaanse Taalmonument en -museum (ATM) in die Paarl, asook by sake wat die vissersgemeenskap raak.

> **"Ons wil sterk, selfstandige gemeenskappe met 'n selfhelpingesteldheid skep ...**

"Ons wil sterk, selfstandige gemeenskappe met 'n selfhelpingesteldheid skep om onder meer armoede te bekamp, gemeenskapsekonomieë uit te bou, veiligheid te verseker en gemeenskappe daar te stel wat goed funksioneer," sê Wyngaard.



**Peter Marais** (VF Plus) en **Helen Zille (DA)** by die bekendstelling.



**Kallie Kriel**

## Wat is die Kaapse Forum nié?

- **Dit is nie 'n tweede burgerregteorganisasie uitsluitlik vir bruin mense nie.**
- **Dit is nie 'n organisasie wat in isolasie iets wil probeer bereik nie. Dit wil eerder uitreik en met soveel moontlik ander instellings en organisasies saamwerk in die beste belang van alle gemeenskappe in die Wes-Kaap.**
- **Hoewel die Kaapse Forum projekte sal dryf vir die herstel van gemeenskappe se waardigheid en om armoede te verlig en te verbreek, is dit nie eksklusief vir die bruin gemeenskap nie. Dit wil fokus op vennootskappe in die Wes-Kaap.**
- **Die Kaapse Forum beywer hom nie noodwendig vir afstigting van die Wes-Kaap nie, maar eerder vir groter onafhanklikheid en selfstandigheid van gemeenskappe.**
- **Die Kaapse Forum gaan beslis nie oor ras nie. Enigiemand wat met die ideale en doelwitte daarvan identifiseer kan aansluit.**


**FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER**

Gaste luister na **Heindrich Wyngaard** tydens die bekendstelling van die Kaapse Forum.




**AfriForum-lede kwalifiseer vir korting van tussen 15% en 25% met 'n bespreking.**

**Kontak die sentrale besprekingskantoor vir verdere inligting en besprekings.**
**Bepalings en voorwaardes geld.**

**Tel.: 086 101 0347 | E-pos: reservations@dreamresorts.co.za**

# Privaatvervolgingseenh

*AfriForum se privaatvervolgingseenheid is in 2017 gestig met die hoofdoel om selektiewe vervolgings deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) te bekamp en politieke individue wat teen vervolging verskans word privaat te vervolg. Die eenheid vervul steeds hierdie funksie, maar sedert die stigting daarvan het dit vanweë die oormag sake waarin gewone mense deur die strafregstelsel gefaal word, duidelik geword dat dié stelsel verval het. Daarom staan die eenheid tans ook verskeie klaers en slagoffers by wat op een of ander wyse deur die NVG en/of SAPD in die steek gelaat is.* **Natasha Venter** *werp meer lig op van die sake.*



Michele Bebbington

## TERENCE TEGG

Die privaatvervolgingseenheid staan tans kragtens 'n waaksaamheidsopdrag vir Michele Bebbington by wat verloof was aan Terence Tegg (56), die oud-Recce en sekuriteitswag wat wreed vermoor is, asook vir J.J. Cassanga, een van die wagte wat ernstige beserings tydens die brutale aanval opgedoen het. Tegg is op 17 Februarie 2022 deur stakende werkers van Clover gestenig nadat hy in die uitvoering van sy pligte as Fidelity-sekuriteitswag busse wat van die werkers vervoer het, gestop het. Mohale Shokane en Nkosinathi Mbatha, twee van die beskuldigdes wat aangekla word van die brutale aanvalle op Tegg en Cassanga tydens die maandelange Clover-staking, is borgtog geweier in die Tembisa Landdroshof.

Landdros Karien Brits het bevind die gevaar bestaan dat Shokane en Mbatha, wat aangekla word van moord, poging tot moord, roof met verswarende omstandighede en kwaadwillige saakbeskadiging, met die ondersoek kan inmeng omdat hulle ondersteuners tydens die borgaansoek probeer het om kapt. Robert Seckle, die ondersoekbeampte, te intimideer. Sy het ook bevind dat hulle 'n vlugrisiko inhou en dat die groep wat Tegg en Cassanga aangeval het duidelik die aggressors in die situasie was.

Volgens adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, het hy en sy span by die saak betrokke geraak nadat hulle deur Bebbington genader is om toe te sien dat die saak die nodige aandag geniet. Ondersoekers van AfriForum se privaatvervolgingseenheid het ook die proses gefasiliteer om die beeldmateriaal, soos deur 'n spesialisbeeldmateriaalontleder ontleed, aan die SAPD beskikbaar te stel ten einde hulle by te staan met die identifisering van verdagtes. Te danke aan hierdie beeldmateriaal, asook getuieverklarings wat deur kapt. Seckle geneem is, kon die SAPD reeds vyf verdagtes in hegtenis neem. 'n Verdere positiewe verwikkeling is dat die SAPD-bestuur die eenheid se toetrede tot die ondersoek en vervolging van die beskuldigdes verwelkom het. Die saak duur voort.




Siyabonga Meyiwa, Senzo Meyiwa se broer.

## SENZO MEYIWA

Die verhoor van Muzikawukhulelwa Sibiya, Bongani Sandiso Ntanzi, Mthobisi Prince Mncube, Mthokoziseni Maphisa en SifikuhleNkani Ntuli Sifiso, die beskuldigdes wat aangekla word van die moord op Senzo Meyiwa, het ook uiteindelik, ná die privaatvervolgingseenheid se betrokkenheid, in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria begin. Al vyf beskuldigdes het onskuldig gepleit op aanklagte van moord, poging tot moord, gewapende roof, die besit van vuurwapens sonder 'n lisensie en die besit van ammunisie. Meyiwa was die doelwagter en kaptein van Bafana Bafana ten tyde van sy skietdood in Vosloorus op 26 Oktober 2014.

> **Daar was geen verwikkelinge in die saak totdat die Meyiwa-familie AfriForum in 2019 genader het nie.**

Daar was geen verwikkelinge in die saak totdat die Meyiwa-familie AfriForum in 2019 genader het nie. Nadat AfriForum betrokke geraak het, is die ondersoekspan en die kantoor van die NVG wat die saak hanteer het, vervang. Dié veranderinge en samewerking het gelei tot die arrestasie van die vyf beskuldigdes in 2020. Die eenheid tree nou ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag namens Ntombifuthi Meyiwa, asook Zama en Nomalanga Meyiwa (onderskeidelik die ma en susters van Senzo Meyiwa) op en moniteer

# eid staan slagoffers by

die verrigtinge in die hof. Volgens die eenheid, wat ook die SAPD bygestaan het met die ondersoek en insae in die dossier het, is hulle steeds van mening dat die moord op Meyiwa vooraf beplan is en dat die baasbrein nog gearresteer moet word.




## WEERMAGPERDE

In talle sake wat na die privaatvervolgingseenheid verwys word is gebrekkige SAPD-ondersoeke of 'n onwilligheid van SAPD-lede om sekere misdrywe te ondersoek ook 'n kommerwekkende verskynsel. In een só 'n saak het die eenheid 'n klagte by lt.genl. S.J. Kwena, provinsiale polisiekommissaris van Noordwes, teen twee senior speurders van die Potchefstroomse SAPD ingedien weens die beweerde gebrek aan vordering met 'n ondersoek. Dié polisiebeamptes is aangestel om toesig te hou oor die saak van perdemishandeling en -verwaarlosing teen die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en om die ondersoek af te handel. Die privaatvervolgingseenheid tree namens die Nasionale Dierebeskermingsvereniging (NDBV) op.

Die NDBV het reeds in Mei 2018 klagtes van dieremishandeling teen die weermag se spesiale vaardigheidseenheid vir die infanterie ingedien omdat perde by die weermagterrein buite Potchefstroom na bewering verwaarloos en uitgehonger is. Volgens die NDBV was die verwaarlosing van só 'n aard dat van die perde hul eie ontlasting en grond moes eet. 25 perde moes ook uitgesit word.

"Dit blyk dat die ondersoekbeamptes om onverklaarbare redes besig is om hulle voete te sleep met hierdie ondersoek. Ons maak die onvermydelike gevolgtrekking dat die spreekwoordelike stert besig is om die hond te swaai en dat die SANW en die verdagtes (in plaas van die SAPD) besig is om die tempo van die ondersoek te bepaal. Die aanklaer kry eenvoudig géén samewerking om die saak hofgereed te kry nie. Sy kon nog nie eens die ondersoekdossier in die hande kry om te sien wat die SAPD al gedoen het nie. Sover ons kon vasstel weier die weermag om 'n naamlys te verskaf of enige ander dokumentasie of verklarings aan die NVG te oorhandig. Die verskoning is dat van die betrokkenes reeds afgetree of verplaas is. 'n Mens kry die idee iemand sorg dat die ondersoek nie vorder nie," sê Andrew Leask, hoofondersoeker by AfriForum se privaatvervolgingseenheid.



**Wico Swanepoel**, **Daleen Oppel**, **Andrew Leask** en **Drew Ludick**.

## NINO OPPEL

Ruvan Olivier (23) van Krugersdorp het in die plaaslike streekhof op aanklagte van onder meer strafbare manslag en regsverydeling verskyn ná die dood van die veteraanfietsryer Nino Oppel (41) in 2018. Oppel was besig om voor te berei om aan die Berge en Dale-fietswedren in Muldersdrif buite Johannesburg deel te neem toe Olivier se voertuig hom na bewering getref en hy weggejaag het.

Die privaatvervolgingseenheid het ook 'n waaksaamheidsopdrag in die saak bekom om Oppel se gesin by te staan. Die eenheid het vroeër omvattende vertoë aan die Direkteur van Openbare Vervolging (DOV) in Gauteng gerig nadat die NVG ook aanvanklik nie vervolging wou instel nie.

In hierdie saak het die SAPD weer eens gesloer met die ondersoek en ná verskeie skrywes van AfriForum het die aanklaer in die saak die ondersoekbeampte opdrag gegee om uiteindelik die ondersoek af te handel. In 'n merkwaardige verwikkeling het die aanklaer tydens die hofverrigtinge gesê dat as dit nie vir die betrokkenheid van die privaatvervolgingseenheid was nie, hierdie saak nooit sou gevorder het nie. Sy het ook bygevoeg dat sy geen hulp van die SAPD ontvang het om die ondersoek te voltooi nie.

Oppel se vrou Daleen het AfriForum se privaatvervolgingseenheid om hulp genader ná die SAPD nie veel vordering met die saak gemaak het nie. "Ek het AfriForum genader nadat die polisie my vir 'n jaar aan 'n lyntjie gehou het. Die polisie kon my nie verder help nie. Ek is spyt dat ek AfriForum só laat genader het en ek hoop geregtigheid sal in die saak geskied."



## SEKSUELE AANRANDING DEUR WAARNEMENDE REGTER

Die verhoor van 'n voormalige waarnemende regter op klagtes van die seksuele aanranding en teistering van 'n jong vroulike advokaat sal na verwagting op 25 Augustus 2022 in die Johannesburgse Landdroshof begin. Die NVG het aanvanklik besluit om nie te vervolg nie totdat die klaer die privaatvervolgingseenheid genader het.

Volgens adv. Nel kry die eenheid veral baie sake soos hierdie waarin die slagoffers van geslagsgebaseerde geweld of geweld teen kinders bloot deur die NVG of die SAPD geïgnoreer word. "Dit bewys dat die regering

en selfs senior lede van die NVG se uitsprake dat hulle die stryd teen geweld teen vroue en kinders gaan verskerp, bloot lippetaal is. Hierdie instansies is juis getaak met die beskerming van die mees kwesbare lede van ons samelewing, maar ons sien in baie gevalle dat hulle dit bloot net nie in praktyk doen nie."



**Riana Stander** (voorheen Viviers)

### RIANA STANDER (VIVIERS)

Die NVG het uiteindelik besluit om genl.maj. Sandra Malebe-Thema, die polisiegeneraal wat na bewering die 53-jarige kapt. Riana Stander (voorheen Viviers) verneder het, op klagtes van *crimen injuria* te vervolg. Die beskuldigde het vroeër vanjaar vir die eerste keer in die hof verskyn – ten spyte daarvan is sy steeds in haar pos as polisiegeneraal. Sy moet later vanjaar in die hof in Oudtshoorn verskyn sodat 'n verhoordatum vasgestel kan word.

Malebe-Thema het na bewering in November 2016 by die polisie-akademie in Oudtshoorn voor sowat 450 rekrute beveel dat Stander en ander beamptes op 'n verhoog moet staan waarna beledigende stellings gemaak is oor hul kleredrag, gewig en velkleur, terwyl die rekrute toegejuig het. Sy het onder meer haar eie vraag rakende wat fout was met die mense op die verhoog beantwoord deur te sê dat hulle te wit is.

Nadat die vakbond Solidariteit druk op die SAPD uitgeoefen het, is 'n interne dissiplinêre verhoor in 2018 gehou oor die beskuldigde se optrede en is sy gevolglik in 2019 uit haar amp ontslaan. Haar ontslag is egter omgekeer tydens 'n arbitrasieproses.

Die NVG het weer eens geweier om vervolging in te stel, waarna die privaatvervolgingseenheid in 2019 genader is om die beskuldigde privaat te vervolg.

Toe die privaatvervolgingseenheid in Julie 2019 namens Stander 'n *nolle prosequi*-sertifikaat versoek het om privaat te vervolg, het die NVG versuim om gehoor te gee aan wetgewing wat hulle verplig om só 'n sertifikaat uit te reik. Ná vele skrywes en druk op die NVG het die DOV uiteindelik halfhartig aangedui dat die staat wel die beskuldigde gaan vervolg.

Volgens adv. Phyllis Vorster, aanklaer by AfriForum se privaatvervolgingseenheid, blyk dit dat sowel die SAPD as die NVG alles in hulle vermoë gedoen het om die vervolging van die beskuldigde te vertraag met die doel om die saak uiteindelik te laat verdwyn.

Stander sê sy is verheug dat die saak uiteindelik voor die hof gaan kom. "Ek is vol vertroue dat reg en geregtigheid nou onder die wakende oog van die privaatvervolgingseenheid sal geskied."




**Kallie Kriel** en **adv. Gerrie Nel**.

### SHAREMAX

Die privaatvervolgingseenheid beplan om die NVG se besluit op hersiening te neem om nié 'n bewaringsbevel ten opsigte van die bates van die Nova Eiendomsgroep (voorheen Sharemax) te bekom nie. Een van die direkte gevolge van die bewaringsbevel is dat niemand met die eiendomme mag handel totdat die hof 'n finale bevel gegee het dat dit verkoop of aan die regmatige eienaars teruggegee moet word nie.

"Die NVG se besluit om nie 'n bevel te bekom om die Nova-maatskappy se bates in bewaring te neem nie, is irrasioneel en tot verdere nadeel van die slagoffers wat enorme finansiële verliese gely het as gevolg van die Sharemax-debakel. Die NVG het – ná meer as 'n dekade – nie net versuim om vervolging in te stel nie, maar daar het ook steeds geen terugbetaling van die oorspronklike belegging of dividende aan beleggers plaasgevind nie," sê adv. Nel.

Die privaatvervolgingseenheid het reeds in Junie 2020 die aansoek om hierdie bewaringsbevel opgestel en aan die NVG verskaf.



**Ursula Kors** buite die Pretoriase Landdroshof.

### URSULA KORS

In die mees onlangse sukses van die privaatvervolgingseenheid het Andrew Kagiso Malele ná 'n vertraging van vyf jaar skuldig gepleit op klagtes van strafbare manslag en dronkbestuur. Hy het ook erken dat sy optrede die dood van twee jongmense veroorsaak het. Ruan Coen (26) en Jessika Kennedy (25) is op 23 Desember 2017 dood toe Malele op die N4-snelweg buite Pretoria beheer oor sy voertuig verloor en met die pas verloofde paartjie se voertuig gebots het. Sowel Coen as Kennedy is op slag dood.

Ursula Kors, ma van Coen, het die privaatvervolgingseenheid genader nadat die saak vir jare nie gevorder het nie. Die eenheid het vasgestel dat die dossier "vermis" geraak het, waarna hulle nou saam met kol. Werner Everson van die Silverton-speurtak en sers. Piet Ferreira van die Sinoville-speurtak gewerk het om die dossier opnuut op te bou sodat die beskuldigde vervolg kon word. Hy sal na verwagting in Julie gevonnis word.

i

'n Waaksaamheidsopdrag behels dat 'n persoon wat nie 'n direkte party tot die saak is nie (soos byvoorbeeld 'n geliefde van die slagoffer of die slagoffer self) regsverteenwoordiging bekom om die vervolging van die beskuldigdes waar te neem en hulle belange in die saak te beskerm.

# Solidariteit Helpende Hand verseker volhoubare voorspoed

Solidariteit Helpende Hand se strategie was nog altyd om nie net mense se armoede draagliker te maak nie, maar om dit te voorkom, of nog beter, heeltemal te verbreek. Ons doel is om mense te help om hulself te help.

Daarom het ons jou nodig om deel van ons familie te word, sodat mense deur hulle gemeenskap ondersteun kan word om 'n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende persoon te kan word.

Volhoubare gemeenskapsontwikkeling is slegs moontlik indien die gemeenskap ten volle vennote en drywers van ontwikkeling word, en nie net blote ontvangers, of deelnemers bly nie. Die krag van 'n gemeenskap word gemeet aan hoe hulle opstaan, saamstaan en saamwerk, en daarom speel ons vrywilligers, waarvan jy deel kan wees, 'n groot rol in elke gemeenskap.

## By Solidariteit Helpende Hand glo ons in die krag van die gemeenskap: uit die gemeenskap, deur die gemeenskap en vir die gemeenskap.

**Word deel van ons groot Solidariteit Helpende Hand-familie van:**

- 2000 vrywilligers in 14 streke – ons hande en voete;
- 50 streekpersoneel wat maatskaplike werkers en streekorganiseerders insluit;
- 40 000 ondersteuners wat maandelikse 'n bydrae lewer;
- 120 Ons Winkels landswyd, wat 'n volhoubare inkomste vir volhoubare projekte genereer;
- 206 studiefondse ter waarde van R249 miljoen; en
- 5 514 studente se studies is oor die laaste 14 jaar moontlik gemaak.

## Maar is dít genoeg om ons gemeenskappe, gesonde gemeenskappe te maak?



**Word deel van ons Solidariteit Helpende Hand-familie wat volhoubare voorspoed vir ons mense wil verseker.**


**Volg die skakel www.sluitaan.co.za en sluit vandag nog by ons familie aan.**

**Vir verdere inligting of navrae stuur 'n e-pos aan: diens@helpendehand.co.za**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING




**Barry Bateman** en oudkollega **Mandy Wiener.**



**Barry Bateman** in die VSA.

# Bekroonde Bateman sê hoekom hy by AfriForum aansluit

Deur Carina Bester

Vir baie Suid-Afrikaners is Barry Bateman die gesoute joernalis wat hulle daagliks op hoogte van sake in die land gehou het. Tog het Bateman, wat van jongs af 'n belangstelling in nuusgebeure gehad het, in April vanjaar sy notaboekie en pen vir eers weggebêre om by AfriForum se privaatvervolgingseenheid aan te sluit as kommunikasiebestuurder.

Bateman was byna 20 jaar lank 'n joernalis by onder meer *Pretoria News,* Eyewitness News (EWN) en eNCA, en het sy loopbaan in IT begin by 'n klein webonderneming nadat hy aan Damelin College studeer het.

"My pa was 'n gereelde nuusleser en ek het grootgeword met 'n liefde vir nuus. Toe ek webtuistes kon ontwikkel, het ek my eie nuuswebtuiste ontwerp waarop ek kommentaar gelewer het op nuusgebeure, my eie mening kon weergee en hoofartikels geskryf het," vertel Bateman. Sy liefde vir die nuus het tot só 'n mate ontwikkel dat hy eindelik deel wou word daarvan.

Bateman het joernalistiek aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) studeer en het as student reeds joernalistiekpryse ingepalm. "Ek het op daardie stadium presies geweet wat ek wil doen en het in my loopbaan as joernalis in sowel die gedrukte as uitsaaimedia gewerk."

Tydens die Oscar Pistorius-moordsaak moes Bateman, wat ook 'n boek oor dié saak saam met sy kollega Mandy Wiener geskryf het, heelwat navorsing doen oor die regsproses al het hy voorheen dikwels oor hofsake berig. Hy moes 'n goeie begrip van talle regsbeginsels en die wet aanleer en het só daarop versot geraak. Soveel so dat hy 'n LLB-graad deur Unisa aangepak het.

Bateman vertel hy het reeds die afgelope twee jaar oorweeg om sy joernalistieke loopbaan vaarwel toe te roep en het selfs sy eie maatskappy geregistreer wat spesifiek op regs-en-litigasieskakelwerk sou fokus. "My vrou het my besluit om joernalistiek te los ondersteun en die geleentheid wat ek nou by AfriForum se privaatvervolgingseenheid

gekry het, is iets wat ek vir 'n geruime tyd reeds wou doen."

Op die vraag of hy in privaat vervolging glo antwoord hy absoluut, sonder twyfel. "As 'n mens na enige aspek van die staat op die oomblik kyk, of dit nou onderwys, gesondheidsorg of selfs basiese dienslewering soos die instandhouding van paaie is, is die staat weens wanbestuur onbevoeg om dit te doen. Dieselfde geld vir die regstelsel, maar dit is erger in dié stelsel omdat hierdie mislukkings dikwels groot onregte veroorsaak.

"Daar is baie redes waarom daar besluit word om te vervolg al dan nie en dit is waar die deur vir privaat vervolging oopgemaak word. Volgens die Strafproseswet is dit moontlik om privaat te vervolg. Wat egter nodig is – en dit is wat die privaatvervolgingseenheid doen – is om hierdie konsep te ontwikkel en om die metode vir privaat vervolging te fasiliteer, want dit is nie so maklik nie. Daar is wel kritiek wanneer dit by privaat vervolging kom aangesien mense aanvoer dat ons die rol van die staat wil oorneem, maar dit is eenvoudig nie waar nie. Ons kan net privaat vervolg indien die staat besluit het om dit nie te doen nie."

Volgens Bateman het hy nooit 'n negatiewe houding jeens AfriForum gehad soos wat dikwels in die media weerspieël word nie. "Ek is totaal en al stomgeslaan met die manier waarop die organisasie gegroei het en het alles wat die organisasie doen getakseer op die meriete daarvan."

Die mediastorm wat 'n paar jaar gelede om sy kop losgebars het nadat hy Julius Malema, leier van die EFF, 'n onwelvoeglike woord genoem het, is vir hom 'n laagtepunt in sy loopbaan. "Dit is baie moeilik vir enigiemand wat die onderwerp van 'n sosialemediastorm is, veral wanneer die mense in jou industrie die mense is wat klippe gooi. Dit is 'n baie eensame plek en een van die slegste ervarings. Ek het gelukkig uitstekende ondersteuning van my vrou, familie en kollegas ontvang, maar dit was absoluut aaklig. Wat die teleurstellendste was is dat ek etlike minute voordat die storm losgebars het Malema sover gekry het om te erken dat hy die polisiebeampte aangerand het."

Hy lag oor die aanmerking wat Twitter-gebruikers gemaak het net ná sy aankondiging oor sy aanstelling by AfriForum deur hom 'n *closet*-rassis te noem. Hy sê baie mense in die media-industrie wat hom ken, het hom gelukgewens en gesê dat hierdie die perfekte pos vir hom is – hoewel baie dit nie openlik sal sê nie.

> **Ek is totaal en al stomgeslaan met die manier waarop die organisasie gegroei het en het alles wat die organisasie doen getakseer op die meriete daarvan.**

Vir Bateman is een van die vele hoogtepunte van sy loopbaan die keer toe hy die nuus gebreek het oor die Gupta-familie wat met hul privaat straler by die Waterkloof Lugmagbasis geland het. Hy het gedink dit is onmoontlik toe iemand die vorige aand getwiet het dat die Guptas by die lugmagbasis gaan land. Toe hy egter na 'n vergadering in Johannesburg ry en die blouligbrigade in die teenoorgestelde rigting sien ry het, het hy geweet daar is beslis 'n moontlikheid dat die storie waar kan wees. "Teen 19:00 daardie aand het ons regstreeks begin uitsaai oor die gebeure. Ek dink persoonlik dat dit die draaipunt in die land was oor hoeveel mag die Guptas werklik in die land gehad het."

Dié nuusman verander baie vinnig in 'n gesinsman sodra hy oor sy vrou, Sholain, en twee dogters, Isobel (14) en Aishwari (11) gesels. Hy is reeds 15 jaar getroud. "My prioriteite het baie verander en ek fokus baie meer op my gesin, my dogters se opvoeding en om lieflike dogters groot te maak. Dit is wat werklik saak maak in die lewe." Hy vertel ook dat hy 'n kranige braaier is en nie net vleis op die vuur gooi nie. Hy het onlangs 'n roker aangeskaf en rook dikwels ribbetjies. Sy gunstelingsnit om te braai is 'n dik T-been wat hy in die *Bistecca alla Fiorentina*-styl braai.



**Barry Bateman** by sy vrou, **Sholain**, en **dogters**, **Isobel** en **Aishwari**.

## MEER OOR BATEMAN

### KWALIFIKASIES:

- **Diploma in Rekenaaringenieurswese, Damelin College (1999)**
- **Sertifikaat in Internasionale Politiek, Stanford University (2006)**
- **Diploma in Joernalistiek, Tshwane Universiteit van Tegnologie (2007)**
- **Sertifikaat in Openbare Skakelwerk, Universiteit van Kaapstad (2018)**
- **Tans besig met LLB-graad, Unisa**

### TOEKENNINGS:

- ***Beeld* – Studentejoernalis van die Jaar (2005)**
- ***Record West* – Joernalis van die Jaar (2005)**
- **Nasionale Persklub – Joernalis van die Jaar (2011)**
- **Taco Kuiper-prys vir Ondersoekende Joernalistiek (2012)**
- ***Mail & Guardian* – 200 Young South Africans (2013)**
- ***Media Magazine* – Top 40 Under 40 (2014)**

# Malema bring heelwat tyd in howe deur

Deur Marthinus Koekemoer

> **Die doppie is vermoedelik van 'n vuurwapen soos 'n AK-47 of R1-aanvalsgeweer.**

Julius Malema, leier van die EFF, het in Februarie in die Suid-Gautengse Hooggeregshof in Johannesburg verskyn ná AfriForum hom van haatspraak vir die sing van die lied *Kill the Boer* aangekla het.

Hoewel dié saak nog hangend is, het Malema sedertdien op nóg aanklagtes in die hof verskyn. In Randburg het hy op 'n aanklagte van aanranding verskyn en in Oos-Londen omdat hy na bewering 'n vuurwapen in die openbaar afgevuur het.

Laasgenoemde voorval het in 2018 tydens die EFF se vyfde verjaarsdagvieringe by die Sisa Dukashe-stadion in Mdantsane naby Oos-Londen plaasgevind. Daar word beweer dat Adriaan Snyman, 'n veiligheidswag wat op dié dag getaak was om Malema veilig te hou, 'n gelaaide aanvalsgeweer aan Malema gegee het waarna hy dit op die verhoog in die lug afgevuur het.

Malema word onder meer beskuldig van die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en onwettige patrone, asook die afvuur van 'n vuurwapen in 'n beboude gebied sonder om die nodige voorsorgmaatreëls te tref om seker te maak mense se lewens en eiendom word nie in gevaar gestel nie. Malema het onskuldig gepleit.

Snyman is 'n medebeskuldigde in die saak. Hy word daarvan aangekla dat hy 'n vuurwapen en patrone aan iemand gegee het wat dit nie mag hê nie.

'n Video het vroeër die lig gesien waarin dit voorkom asof Malema 'n geweer wat soos 'n AK-47 lyk in die lug afvuur. Drie getuies het 'n doppie wat op die toneel gevind is onder oë gehad. Kapt. Gerhardus Swart van die SAPD het dié doppie in ontvangs geneem. Hy het meer as 30 jaar ondervinding. "Die doppie is vermoedelik van 'n vuurwapen soos 'n AK-47 of R1-aanvalsgeweer," het hy in die hof getuig.

"In Februarie het Malema in die hof verskyn vir die *Kill the Boer*-haatspraaksaak waar die kernkwessie die aanhitsing van geweld in daardie lied was. Nou verskyn Malema in die hof omdat hy na bewering 'n vuurwapen onwettig op 'n verhoog afgevuur het. Dit laat 'n mens wonder wat volgende is. Om dalk werklik slagoffers te skiet?" sê Ernst van Zyl, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.

Die vuurwapensaak sal na verwagting op 5 September 2022 hervat.

Die aanrandingsaak hou verband met 'n voorval by Winnie Madikizela-Mandela se begrafnis in 2018 waartydens Malema en Mbuyiseni Ndlozi, EFF-LP, Johannes Venter, 'n polisieman, klaarblyklik bygedam het. Venter het 'n klagte van aanranding aanhangig gemaak, maar die saak het nie juis gevorder nie totdat AfriForum 'n *mandamus*-aansoek ingedien het wat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) genoop het om Malema wel hieroor te vervolg.

Venter het getuig hoe hy Malema se voertuig voorgekeer en gesê het hulle kan die begraafplaas te voet binnegaan. Hy was besig om uit te vind of Malema se voertuig wel toegelaat kan word toe Malema en Ndlozi hom begin rondstamp het. Hierdie voorval is op kringtelevisiekameras vasgelê.

Dié saak word egter deur vreemde gebeure geteister. Die staat se finale getuie, ene genl. Zulu, kon in April weens siekte nie getuig nie. Nadat die saak uitgestel is kon sy wéér nie die verrigtinge bywoon nie en het 'n mediese sertifikaat ingedien. Op 6 Mei het die landdros ook opgemerk dat die oorspronklike klagstaat nie beskikbaar is nie; dit is blykbaar verlore. Die saak sal later hervat.




FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

**Julius Malema** het vanjaar al vir drie verskillende sake teen hom en/of die EFF in die hof verskyn.

# Tree vir tree op pad na geregtigheid vir Zim-boere

Deur Alet Rademeyer

'n Appèlhofuitspraak in Bloemfontein in Mei is 'n positiewe ontwikkeling in die baie lang stryd om vergoeding van 'n groep onteiende boere van Zimbabwe.

Dié groep boere het suksesvol geappelleer teen 'n vroeëre bevinding in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria in die epiese regstryd teen die Suid-Afrikaanse regering.

Regter Frits van Oosten het in Desember 2020 in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria bevind dat 'n eksepsie wat deur die Suid-Afrikaanse regering geopper is, geldig is, naamlik dat daar geen kousale verband bestaan tussen die skade wat die Zimbabwiese boere gely het weens Suid-Afrika se deelname in die opheffing van die SAOG-tribunaal se werksaamhede en die werklike skade wat die boere gely het nie.

Die appèlhofuitspraak het egter beslis die boere is wél deur die regering benadeel toe die tribunaal, wat in hul guns teen oudpres. Robert Mugabe se onteiening beslis het, deur oudpres. Jacob Zuma ontbind is.

Willie Spies, regsverteenwoordiger van die boere en wat ook as AfriForum se regsverteenwoordiger optree, beskou dit as histories aangesien dit waarskynlik die eerste keer in die geskiedenis is dat die Hoogste Hof van Appèl 'n kopknik gee vir die instel van 'n dagvaarding teen die Suid-Afrikaanse regering vir misstappe wat buite die landsgrense gepleeg is. In dié verband die vergadering van die SAOG-leiers by die Victoria-valle in Zimbabwe.

Volgens Spies is die volgende stap in die proses dat die Suid-Afrikaanse regering 'n verweerskrif moet aflewer op die dagvaardings wat uitgereik is en daarna sal die proses sy normale gang gaan om uiteindelik 'n verhoor in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria te laat plaasvind waartydens die boere se eis deur die Hooggeregshof oorweeg sal word. Die skadevergoedingseis beloop sowat R5 miljard.

"Dit is van uiterse belang dat Suid-Afrika lesse moet leer uit die ervaring van Zimbabwe en dat die howe 'n duidelike standpunt moet inneem teen die medepligtigheid van die Suid-Afrikaanse regering onder leiding van Zuma in 2014 wat daartoe gelei het dat SAOG-burgers ontneem is van die reg om hulle menseregte in 'n internasionale hof te bereg.

"Die uitspraak is dus 'n belangrike mylpaal in hierdie epiese stryd en die stryd sal voortgaan totdat geregtigheid ook vir die boere van Zimbabwe geskied het," sê Spies.



# Vryheid van spraak:
## Die ou vlag is die eerste domino om te val

Deur Ernst van Zyl



**Ernst van Zyl** saam met AfriForum se regspan, **adv. Mark Oppenheimer** en **Heleen Ferreira**.

AfriForum se besluit en hofsaak om die verbanning van die ou Suid-Afrikaanse vlag deur die Gelykheidshof op appèl te neem het weer eens 'n vurige openbare debat oor vryheid van spraak ontketen.

> **As vryheid van spraak slegs spraak beskerm het wat gewild was of waarvan almal hou, dan sou dit geen beskerming deur die Grondwet vereis het nie.**

Daar is diegene wat hierdie fundamentele debat slinks probeer verwater tot 'n eenvoudige stryd tussen apartheidsapologete wat die ou vlag weer wil laat wapper teenoor simpatieke, barmhartige menseregteridders wat mense wil red van 'n bose vlag. Hierdie onderduimse retoriese taktiek in debatte oor vryheid van spraak is so oud soos die geskiedenis van hierdie debat self.

Debatte oor vryheid van spraak is onafwendbaar omstrede van aard, want die reg tot vryheid van spraak word verskans om spraak te beskerm wat sommige mense of regerings aanstootlik mag vind, of waarvan hulle dalk nie mag hou nie. As vryheid van spraak slegs spraak beskerm het wat gewild was of waarvan almal hou, dan sou dit geen beskerming deur die Grondwet vereis het nie.

Ons Grondwet maak spesifiek voorsiening vir perke aan spraakvryheid by wyse van haatspraak, wat aanhitsing tot geweld as kernbestanddeel moet insluit om as sodanig te kwalifiseer. Hierdie onderskeid tussen haatspraak en aanstootlike spraak of simbole moet altyd in hierdie debat in ag geneem word. Omdat daar 'n hemelsbreë verskil is, is dit intellektueel arm of selfs oneerlik om die saak oor die ou vlag gelyk te stel aan die saak oor die sing van *Kill the Boer*. Dié lied val vierkantig binne die definisie van haatspraak, terwyl die ou vlag met kreatiewe intellektuele gimnastiek daarin geprop moet word.

Jou reg tot vryheid van spraak stel jou en ander in staat om jul regte te verdedig wanneer dit bedreig word. Vryheid van spraak is dus van kardinale belang, aangesien jy vir jou ander regte met 'n gesnoerde mond sal moet baklei daarsonder.

Jy stuit die stygende gety wat vryheid van spraak probeer erodeer deur damwalle te bou waar die branders slaan, eerder as om na die hoër grond van minder omstrede sake te vlug. As jy nie aanvanklik sterk standpunt inneem in die mees omstrede sake nie en eerder

terugdeins, dan verloor jy daardie grond, wat dan outomaties daarna die tweede mees omstrede saak skielik verhef tot die mees omstrede. Binnekort het jy so ver teruggeval dat daar nie meer minder omstrede sake bestaan om na te vlug nie en dan verdrink al ons ander regte in stilte.


Die 1928-landsvlag

Wetgewing moenie aangewend word om mense te beskerm teen spraak of simbole wat bloot aanstoot gee of waarmee hulle nie saamstem nie, want die spektrum van wat verskillende mense aanstootlik mag vind of nie van hou nie, is byna eindeloos.

AfriForum steun of moedig glad nie die gebruik of vertoon van die ou vlag aan nie, maar ons besef dat as die regering die mag gegee word om simbole te verban waaroor ons nie sterk voel nie, dit net 'n kwessie van tyd is voor hulle simbole begin verban wat wel vir minderheidsgroepe soos Afrikaners kosbaar is. As die eerste domino kantel, kan dié wat agter in die ry staan se broeke maar solank begin bewe. Om te glo dat die verbanning van omstrede simbole wat aanstoot gee gaan stop by die ou vlag, is soos om in 2020 te geglo het dat die staat van inperking slegs 21 dae sou duur.

George Washington het gesê: "As vryheid van spraak weggeneem word, dan kan ons stom en swygsaam gelei word, soos skape na die slagting."

***Ernst van Zyl is 'n veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum.***

# WAT IS DIE VERSKILLENDE PARTYE SE ARGUMENTE?

Uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein in die vlagsaak is vroeër voorbehou. Dít volg nadat die Gelykheidshof beslis het die vertoon van die ou vlag is haatspraak en dat dit slegs in akademiese, geskiedkundige, kuns- of joernalistieke konteks vertoon mag word. AfriForum het dié beslissing uitgedaag. Hier is van die partye se argumente:

**AfriForum:** Gemeenskappe moet respek vir mekaar hê en uit eie beweging deur dialoog daaraan werk om mekaar nie te beledig of aanstoot te gee nie. Dit beteken nié dat enigiets wat aanstoot gee verban moet word nie. Dit sal die land beweeg in die rigting van 'n polisiestaat wat vryheid van spraak tot in jou huis beperk.

**Die Nelson Mandela-stigting (NMS):** Die ou vlag is nie net in die openbaar nie, maar ook in 'n privaat hoedanigheid kwetsend en skadelik. Dit is 'n simbool van wit oorheersing en moedig wit oppergesag aan.

**Die Menseregtekommissie (MRK):** Die ou vlag simboliseer nostalgie en verlange na die dae van apartheid.

**Die minister van Justisie en Korrektiewe Dienste:** Die ou vlag is 'n simbool van misdade teen die mensdom.

## WAAROM IS AFRIFORUM GEKANT TEEN DIE VOORGESTELDE WETSONTWERP OP DIE VOORKOMING EN BESTRYDING VAN HAATMISDAAD EN HAATSPRAAK?

AfriForum het in Mei 2022 'n mondelingse voorlegging aan die parlement gedoen teen die voorgestelde Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdaad en Haatspraak. Skriftelike kommentaar is ook in 2019 en 2021 ingedien. Hoewel die huidige weergawe reeds aan die parlement voorgelê is, het dit intussen verval. Die wetsontwerp is egter onlangs wéér vir kommentaar deur die publiek oopgestel en sal dus weer aan die parlement voorgelê word.

Die grondwetlike standaard oor haatspraak is vryheid van spraak wat nie strek tot die aanhitsing van haat gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens nie en wat terselfdertyd nie neerkom op aanhitsing tot geweld nie.

Volgens die huidige wetsontwerp sal die blote aanhitsing van haat egter genoeg wees om as haatspraak beskou te word. Nóg 'n probleem is dat die "skade" wat in die voorgestelde wetsontwerp gedefinieer word ook emosionele en sosiale skade insluit. Die gronde waarop haatspraak gepleeg kan word is ook te vêrreikend en sluit byvoorbeeld ouderdom in. Dit sal byvoorbeeld 'n strafbare oortreding wees om iemand oor sy ouderdom te terg en 'n ou toppie te noem. Só 'n oortreding is strafbaar met drie jaar tronkstraf.

Die koste sal baie hoog wees as die breë definisies van skade en haatspraak, wat deur die wetsontwerp voorgestel word, aanvaar word. Die reg tot vryheid van spraak, wat deur die Grondwet beskerm word, bestaan juis om spraak te beskerm wat sommige mense of regerings aanstootlik, selfs diep ontstellend, mag vind of waarvan hulle nie hou nie. As vryheid van spraak slegs spraak beskerm het wat gewild was of waarvan almal hou, dan sou dit geen beskerming deur die Grondwet vereis het nie.

# Kultuur onder druk skep ook federale geleenthede

Deur Alana Bailey



Onlangse gebeure op die terrein van kultuursake is wéér 'n bewys van die voordele wat 'n federale bestel vir kultuurgemeenskappe inhou teenoor die nadele van die huidige meerderheidstelsel.

Om net drie van die voorbeelde te noem: Die sages betreffende landsvlae; kommer oor die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette; en die ministeriële druk vir die naams- en inhoudsverandering van die Afrikaanse Taalmonument en -museum.

Wat die landsvlae betref moet AfriForum die beginsel van vryheid van spraak verdedig teenoor bewerings dat selfs net om die ou landsvlag in jou huis te vertoon, haatspraak sal wees, ongeag wat die betekenis van daardie historiese simbool vir jou is. Terselfdertyd kondig Nathi Mthethwa, minister van Sport, Kuns en Kultuur, aan dat patriotisme bevorder gaan word met 'n 120 m hoë vlagpaal teen 'n beraamde koste van R22,5 miljoen. Voorlopig is dié belaglike plan skynbaar op ys, maar het ons nie al telkemale gesien hoe sulke vergrype maar aanhou opduik nie – veral as daar een of ander ernstige korrupsie- of magsvergrypsaak is waarvan die regering die aandag wil aflei?

Met bogenoemde wetsontwerp is daar die gevaar wat dit veral vir Afrikaanse moedertaalonderwys inhou as provinsiale onderwyshoofde die finale seggenskap oor die toelatings- en taalbeleid van skole verkry.

Dan is daar die skynbare voorneme, óók van minister Mthethwa, om "Afrikaans" uit die naam van die Afrikaanse Taalmonument en -museum te verwyder en dit te omskep in 'n monument en museum wat oor die algemeen op taal fokus. Ook natuurlik om sogenaamd inklusief te wees.

In 'n politieke meerderheidstelsel soos dié van Suid-Afrika is die uiteinde onafwendbaar magsentralisasie – insluitend dat 'n minister kan besluit of 'n gemeenskap se unieke monumente en museums kan voortbestaan, wat die etos van hulle skole mag wees en selfs wat in mense se huise mag gebeur. Plaaslik is dié besluite gekoppel aan ongebreidelde vermorsing, asook die verwaarlosing van bestaande kultuurskatte en infrastruktuur oor die algemeen.

Daarteenoor staan die stelsel van federalisme, waar mag verdeel en versprei word om te verseker dat gemeenskappe en provinsies hulle eie kultuur- en ander sake kan bestuur en die mag het om hulle regte in dié verband te beskerm.

Tans skep die verval wat op soveel terreine in die land beleef word wel die geleentheid vir die skep van ruimtes waar gemeenskappe hulle regte onverhinderd kan uitleef. Gemeenskappe gryp self in, beskerm hulle kulturele hulpbronne en hou dit in stand. In die verlede het ons al verwys na aksies soos die restourasie van die Totiushuismuseum danksy AfriForum se Potchefstroom-tak; die inwoners van Heilbron se terugneem en heropbou



Alana Bailey

> **Gemeenskappe gryp self in, beskerm hulle kulturele hulpbronne en hou dit in stand.**

van die Riemlandmuseum; projekte by die Bethlehemmuseum danksy die vriende van dié instelling; skoonmaakprojekte onder leiding van AfriForum Jeug en -takke in Volksrust en Bloemfontein; 'n skoonmaakprojek by die Kasteel de Goede Hoop in Kaapstad; en betrokkenheid by die Voortrekkermonument. Hierdie is maar enkele hoogtepunte uit 'n verskeidenheid gebeure op grondvlak in gemeenskappe wat bewys dat ons nie hoef te wag vir optrede deur die staat nie en ook nie hoef te berus by kulturele sabotasie deur politici nie, maar self vir ons erfenis en kultuur verantwoordelikheid kan neem.

In die boek *Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd* beskryf 'n verskeidenheid internasionale kundiges hoe gemeenskappe soos Afrikaners juis wêreldwyd aksies van dié aard onderneem om hulle toekoms volhoubaar uit te bou. In die slot skryf dr. Heinrich Matthee, redakteur van dié werk, soos volg oor gemeenskappe binne politieke stelsels wat hulle nie noodwendig ter wille is nie – die Gideonsbendes wat sélf verantwoordelikheid aanvaar:

> Boweal laat hulle hulle kultuur oorleef: deur herbevestiging en soektogte; deur halfbewuste hernuwing en skepping met oorgawe; en deur vindingrykheid en volharding ... Mense kan ook in verskraalde instellings 'n kultuur se toekomsmusiek helder laat herklink.

Aan die een kant sal AfriForum die magsvergrype van die bestaande orde teenstaan en ons vryheid van spraak, kulturele erfenisbakens, taal en skole beskerm, maar aan die ander kant bou ons aan federale instellings en realiteite waarbinne hierdie regte ongeag herhaalde ideologiese aanslae sinvol en volhoubaar kan voortbestaan.

Daarom dié wekroep:
Bly betrokke en bou saam!

***Alana Bailey is hoof van Kultuursake by AfriForum.***





# Bly betrokke en bou saam!



# Afrikaners skep weer hoop met dié 120ste bestaansjaar

Deur Alet Rademeyer

Duisende Afrikaners het in Junie by die Voortrekkermonument in Pretoria bymekaargekom om die Solidariteit Beweging se 120ste bestaansjaar te vier.

Die verskeidenheid byeenkomste, wat gesinspeletjies, 'n pretloop, 'n musiekvertoning én 'n dankdiens ingesluit het, is gekenmerk aan 'n gees van dankbaarheid en verootmoediging maar ook vasberadenheid en hoop om die volgende 120 jaar in vertroue aan te pak.

Flip Buys, voorsitter van die Beweging, is tydens 'n spoggeleentheid by Sol-Tech met 'n spesiale boek vereer vir die baanbrekerswerk wat hy die afgelope 25 jaar gedoen het. Hy is in Julie 1997 as die hoofsekretaris van die destyds sukkelende Mynwerkersunie (MWU) aangestel wat finansieel bankrot, maar ook bankrot aan idees was. Die MWU is in 1913 gestig en het voor dit as die Transvaal Mynwerkersassosiasie bekend gestaan wat in 1902 kort ná die sluiting van die Vrede van Vereeniging gestig is. Die MWU se naam is in 2001 na Solidariteit verander.

Buys het met sy aanstelling in 1997 besef dat die Afrikaner voor enorme uitdagings staan. Die euforie van die ordeverandering in 1994 was verby en Afrikaners het voor groot ekonomiese en politieke omwentelings te staan gekom. Buys het die visie gehad dat die rol van die vakbond uitgebrei sal moet word na een van 'n arbeidsbeweging. Dit het die weg gebaan vir hoe die Beweging vandag met sy 21 gemeenskapsorganisasies lyk en funksioneer.

Die gedagte van om te beskerm en te bou loop soos 'n goue draad in die boek *Boustene – 25 jaar se idees vir die toekoms*, wat aan Buys opgedra is. Dit bevat 25 bydraes van verskillende rolspelers en leiers in die afsonderlike instellings wat op hul terreine projekte aanpak om toe te sien dat die Afrikaner vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan leef en werk. Kallie Kriel (AfriForum), Henk Schalekamp (Kanton Beleggings) en dr. Dirk Hermann (Solidariteit), wat saam met Buys by die MWU begin het, het ook hulde aan hom gebring. Die Beweging verteenwoordig vandag meer as 570 000 mense.

Tydens die vieringe het Buys roepingsgedrewenheid beklemtoon en gesê dit is belangrik dat daar voortdurend vernuwend gedink en gedoen word, maar dat dit op beproefde waardes gegrond moet wees. "Die geskiedenis gee aan elke geslag 'n taak. Party het dit moeilik en ander minder moeilik. Elke geslag moet egter dit wat hy van die vorige geslag gekry het, bewaar, uitbou en verbeter. Geslagte is van mekaar afhanklik."

Buys sê alles wat die Beweging die afgelope 25 jaar uit die hand van die Hemelse Vader ontvang het, word aan Hom opgedra. "In 'n tyd van groot onsekerheid weet ons dat God nog altyd regeer het en dat Hy vandag nog regeer en tot in ewigheid sal regeer. Sy almag vloei deur die roeping van gewone mense. Hy rus mense toe om hul taak uit te voer en daarom kan ons Hom vertrou, op ons roeping fokus en ons nie bekommer oor die struikelblokke wat oor ons pad kom nie."



Dr. Dirk Hermann



**Kallie Kriel**, **Henk Schalekamp** en **Flip Buys**.


Te danke aan jou was
*Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* 'n
reusesukses.
Ons sien daarna uit om jou by AfriForum Teater te verwelkom vir ons volgende vertonings.
AfriForum teater
Besoek ons webtuiste by www.afriforumteater.co.za
vir die volledige program.

# Afrikaners en die buit

Deur Ernst Roets

Tydens 'n onlangse skakeltoer in Europa is ek gevra om 'n toespraak te lewer by die eerste Europese Conservative Political Action Conference (CPAC) wat in Boedapest, Hongarye aangebied is.

Die CPAC is die wêreld se grootste konserwatiewe konferensie en word sedert die 1970's in die VSA aangebied. Mense soos Ronald Reagan en Donald Trump het gereeld by die CPAC in die VSA gepraat. Dié konferensie word nou na die res van die wêreld geneem en ook reeds in lande soos Australië, Brasilië, Suid-Korea en Japan aangebied. Sprekers en konserwatiewe leiers van reg oor die wêreld woon dit by.

Ek het deelgeneem aan die sessie oor die kultuurstryd in die media en kon die geleentheid gebruik om te praat oor die mate waartoe die media die nuus oor Suid-Afrika verdraai. Ek het die punt gemaak dat daar volgens 'n nuwe studie tans 125 raswette in Suid-Afrika op die samelewing toegepas word.

Na die beste van my wete was daar nog nooit 'n regering wat soveel raswette afgedwing het nie. As dit die maatstaf is, kan ons sover gaan as om te sê dat die ANC-regering die mees rassistiese regering in die geskiedenis is.

Ek kon my toespraak afsluit deur te gesels oor 'n paar lesse wat ons as Afrikaners die afgelope paar dekades hier aan die suidpunt van Afrika geleer het. Natuurlik is daar baie redes waarom ons kan sê dat Suid-Afrika agter die res van die wêreld is – Suid-Afrika is immers 'n Derdewêreldland. Dit is egter ook waar dat ons as Afrikaners in baie opsigte voor die res van die wêreld is. Ons sê dit omdat ons al besig is om oplossings te vind vir probleme wat die res van die wêreld – maar die Westerse wêreld in besonder – nog gaan tref. Ek het die volgende vier lesse met hulle gedeel:

**"Ek het die punt gemaak dat daar volgens 'n nuwe studie tans 125 raswette in Suid-Afrika op die samelewing toegepas word.**

Eerstens dat "rasionalisme" oorskat word. Daarmee bedoel ek dat die wêreld nie bloot oor goeie argumente gaan nie. Natuurlik is goeie argumente belangrik, maar selfs die beste argumente kon nie die wolf in Aesop se fabel daarvan weerhou om die lam te verslind nie. Ons argumente moet uitstekend wees, maar daar is iets wat selfs belangriker is as goeie argumente – ons aksies!

Tweedens, dat hoewel dinge soos politiek en ideologie belangrik is, daar iets is wat veel belangriker is, naamlik kultuur. Dit word weer maklik onderskat. Thomas Sowell het dit ook reeds gesê toe hy gevind het dat die manier hoe 'n groep deur ander groepe hanteer word nie soveel gewig dra soos die kultuur en werksetiek van daardie groep nie. Daarmee bedoel hy dat groepe wat aan die kortste ent van diskriminasie trek hulleself nie deur politiek gaan bevry nie, maar deur hard te werk, hul vaardighede te ontwikkel en te spaar voor hulle spandeer.

Derdens, dat ons krag in ons gemeenskap en in ons instellings gesetel is, veel meer as in die staat. Afrikaners het in die vorige eeu baie moeite gedoen om die staat op te bou en te versterk, net om eendag te moes vind dat daardie magtige staat oorgeneem is en nou teen ons gedraai word. Die les wat ons geleer het is dat 'n groep steeds in 'n vyandige omgewing kan floreer as hulle sterk gemeenskapsinstellings het, maar dat 'n groep wat slegs oor die staat beskik en nie instellings het nie, nie sal floreer nie.

Laastens, dat die pad na die toekoms deur die geskiedenis loop. Tradisie kan beskryf word as 'n stel oplossings waarvan ons al vergeet het wat die probleme was. Dat ons nie werklik 'n toekoms kan skep as ons ons skaam vir ons voorouers en ons geskiedenis nie, en dat ons dit slegs sal kan doen indien ons voortbou op dit wat ons van ons voorouers ontvang het.





**Ben Ferguson**, Amerikaanse radio- en podsendingaanbieder, en **Ernst Roets**.


**Ernst Roets** by die MATE-universiteit waar hy 'n lesing aangebied het.

# eland – die wiel draai

Die wonderlike van 'n geleentheid soos hierdie is nie bloot net die feit dat 'n mens die gehoor kan toespreek nie, maar veral ook die geleentheid kry om met ander sprekers en rolspelers van reg oor die wêreld te skakel. Wat my opgeval het, is eerstens dat my toespraak – en die lesse wat ek hierbo verduidelik het – vir baie van die sprekers 'n heeltemal vars perspektief gebied het.

Die punt is dus dat ons nie bakhand moet staan wanneer ons buitelandse skakeling doen deur bloot net vir ander nasies te vra om ons probleme namens ons op te los nie. Ons moet die teenoorgestelde doen! Ons moet ons eie probleme oplos, maar in die proses moet ons ook vriendskappe in die buiteland versterk en verhoudings bou.

Só maak ons seker dat ons nie geïsoleer is nie. Inteendeel, ons neem deel aan gesprekke in die buiteland omdat ons iets het om by te dra. Ons het waarde om toe te voeg tot die gesprek. En wanneer ons waarde toevoeg, kan ons ook gesels oor maniere hoe daar bygedra kan word om vir ons 'n beter toekoms hier aan die suidpunt van Afrika te skep.


Die tweede ding wat my by hierdie konferensie opgeval het, is dat dit nie meer vir ons nodig is om mense te oorreed dat daar 'n krisis in Suid-Afrika is nie. Ek moet natuurlik toegee dat hierdie 'n uitgesoekte gehoor was en dat ek hier veral met mense gepraat het wat taamlik ingelig is – en wat dus nie die gewone "man op straat" verteenwoordig nie. Die punt is egter dat almal met wie ek gepraat het, of hulle van Australië, Suid-Korea, Israel, Hongarye, Nederland, België, Frankryk, Kanada of die VSA afkomstig is, reeds geweet het dat Suid-Afrika nie die wonderwerk is waarvan ons almal in die 1990's gehoor het nie. Hulle weet reeds van staatskaping en korrupsie, van plaasmoorde en grondgrype, van staatsverval en diskriminasie. So kan ons aangaan. Natuurlik het hulle nie al die besonderhede wat ons het nie, maar dit het my opgeval dat hulle ingeligte vrae oor Suid-Afrika vra.

Die punt is dus dat hoewel ons steeds moeite moet doen om vir die wêreld te vertel wat hier aangaan en daar vir ons baie werk voorlê in AfriForum se #DieWêreldMoetWeet-veldtog, moet ons begin praat oor 'n tweede fase van die veldtog.

Hierdie tweede fase behels dat ons mense wat reeds ingelig is en wat reeds bekommerd is moet kry om in die openbaar standpunt in te neem oor wat in Suid-Afrika aan die gang is en ook om in die openbaar te wys dat hulle hulself as vriende van die Afrikaners beskou. Om in die openbaar standpunt in te neem help reeds, maar ons kan selfs meer doen, soos om diplomatieke druk te laat toepas oor kwessies soos die beskerming van eiendomsreg.

Daar lê vir ons baie werk voor, maar die goeie nuus is dat ons inderdaad goeie vordering maak.

***Ernst Roets is hoof van Beleid en Aksie by AfriForum.***



**Candace Owens**, Amerikaanse politieke ontleder en aktivis, en **Ernst Roets**.



**Ernst Roets**, **Andras Kiss** van die Hongaars Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging en **Andras Bencsik** van Demokrata-mediahuis.



**Ernst Roets** en **Andras Bencsik** nadat hulle die kontrak onderteken het om Roets se boek *Kill the Boer* te vertaal.



**Zoltan Palatinus** van die Hongaars Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging en **Ernst Roets**.

# Die Gelofte:

## *'n Musiekblyspel* oortref alle verwagtinge en word verleng

Deur Alet Rademeyer

Afrikaners voel onder druk en in tye van nood het gemeenskappe nog altyd na hul geskiedenis teruggegryp.

Dít is sonder twyfel nou weer die geval en die uitreiking van *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* het duidelik gewys Afrikaners wíl hoor hulle is nie die skurke in die land waarvoor hulle uitgekryt word nie.

Afrikaners is moeg vir die verdraaiing van hul geskiedenis en put weer krag uit dit wat hul voorgeslagte besiel en vermag het.

Die vertonings van *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* was gou uitverkoop en daar is besluit om die speelvak by AfriForum Teater in Junie en September te verleng, terwyl 'n landwye toer ook vir volgende jaar beplan word. Die blyspel is 'n gesamentlike projek van AfriForum en Inhoud Huis Musiek. Meer as 13 000 teatergangers het na die musiekblyspel gaan kyk.

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, sê die Afrikaner se geskiedenis is een van oorlewing en nie oorheersing nie. "Ons ouers was nie bomenslike helde nie. Hulle was gewone mense wat in buitengewone omstandighede buitengewone dinge vermag en prestasies behaal het. En *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* beeld dit baie goed uit."

Dr. Danie Langner, uitvoerende hoof van die FAK, wys daarop dat daar die afgelope jare 'n groot oplewing in Geloftefeeste reg oor die land en



Akteurs in *Die Gelofte*: *'n Musiekblyspel* op die verhoog van AfriForum Teater.

FOTO'S: REINT DYKEMA, CARINA BESTER EN MARTHINUS KOEKEMOER.



**Nadia Beukes**, **Johan Vorster**, **Ilán van Staden** en **Bernice West**.

**“ Die projek is aangepak sodat ons as hedendaagse moderne Afrikaners inspirasie kan put uit die deursettingsvermoë, geloof en roepingsgedrewenheid wat ons voorgeslagte onder uitdagende omstandighede ten toon gestel het …**

in Namibië was. “Dit is een van die Afrikaner se belangrikste historiese dae en een wat oor geslagte heen gevier, gekoester en onthou word. Oor byna twee eeue heen het dit Afrikaners se karakter en identiteit gevorm. Oor dekades en verskeie geslagte heen het dit elke keer nuwe betekenis en relevansie gekry.”

Daar is groot waardering vir wat Johan Vorster en Jacomien de Wet van Inhoud Huis Musiek (die vervaardigers) en Jannes Erasmus, skrywer en regisseur van die blyspel,



’n Toneel uit die blyspel.

daarmee reggekry het. Teatergangers, wat ’n hart vir Afrikaners, hul taal, kultuur, geskiedenis én hul hedendaagse stryd het, het na afloop van elke vertoning gesê dat dit hulle emosioneel en geestelik diep geraak het.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê die projek is aangepak sodat “ons as hedendaagse moderne Afrikaners inspirasie kan put uit die deursettingsvermoë, geloof en roepingsgedrewenheid wat ons



**Bernice West**

voorgeslagte onder uitdagende omstandighede ten toon gestel het tydens die Groot Trek met die aflê van die Gelofte en die Slag van Bloedrivier.

“Met hul Christelike geloof as anker het ons voorgeslagte self hand aan die ploeg geslaan om ’n nuwe toekoms vir hulself en hul nageslag te bou. Ons kan trots wees op wat ons voorgeslagte bereik het, terwyl ons self nou ook aan die toekoms bou.”

# Alle oë op hofsaak oor gesondheidsregulasies

Deur Alet Rademeyer

**Die regering se optrede het 'n bespotting van die openbaredeelnameproses gemaak en wys die ware kleure van 'n regering wat oor sy burgers wil heers eerder as om in solidariteit met hulle te regeer.**



**Reiner Duvenage** van AfriForum.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

AfriForum, Solidariteit en DearSA daag die regering in die hof uit oor die nuwe gesondheidsregulasies wat in Mei in die *Staatskoerant* gepromulgeer is.

Die partye het die hof genader ná die Departement van Gesondheid die regulasies met betrekking tot aanmeldbare siektes ingevolge die Wet op Nasionale Gesondheid 61 van 2003 en die Wet op Internasionale Gesondheidsregulasies 28 van 1974 gewysig het.

Ingevolge die regulasies het dr. Joe Phaahla, minister van Gesondheid, ongekende magte om streng inperkingsmaatreëls toe te pas indien 'n oordraagbare siekte (nie net Covid-19 nie) uitbreek. Die minister kan ook bepaal hoe lank sulke regulasies geïmplementeer moet word en wanneer dit opgehef kan word.

Die partye bevraagteken ook die geldigheid van die openbaredeelnameproses wat die departement gevolg het voordat hierdie regulasies in werking gestel is.

Derduisende mense het kommentaar oor die regulasies ingedien.

AfriForum vind dit ook kommerwekkend dat die regulasies wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is, nie dieselfde regulasies is wat vir openbare kommentaar gepubliseer is nie.

"Die burgers van hierdie land is nie pionne op die regering se skaakbord om rondgestoot te word wanneer magsbehepte amptenare so voel nie. AfriForum sal hierdie regulasies, indien nodig, in die hoogste hof beveg om te verseker dat landsburgers se regte ten volle herstel word. Burgers is keelvol vir die regering se voortdurende inbreuk op hul persoonlike vryhede," sê Jacques Broodryk, AfriForum se bestuurder van Veldtogte.

Solidariteit sê die regulasies is onregmatig en irrasioneel.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, het hom uitgelaat oor die departement se hantering van die kommentaar wat ingedien is. "Openbare insette is nie bloot om die indruk van deelname te skep nie, dit moet inderdaad oorweeg word. Die regering se optrede het 'n bespotting van die openbaredeelnameproses gemaak en wys die ware kleure van 'n regering wat oor sy burgers wil heers eerder as om in solidariteit met hulle te regeer."

Politieke partye en ander burgerregteorganisasies het ook heftig kapsie gemaak teen die regulasies en ook met regsoptrede begin.

# AfriForum hof toe oor bestuurderslisensiekaarte

Deur Alet Rademeyer

AfriForum is van mening dat die hernuwing van bestuurderslisensiekaarte elke vyf jaar nie op wetgewing berus nie.

Om dié rede is hofstukke onlangs ingedien om dié hernuwing elke vyf jaar teen te staan. Indien die hofaansoek slaag, hou dit verreikende gevolge vir die regering én motoriste in. Dit mag selfs beteken dat motoriste die afgelope 20 jaar onregmatig beboet is indien hulle nie hul lisensiekaarte laat hernu het nie of met lisensiekaarte wat verval het, bestuur het.

Daniël Eloff, AfriForum se regsverteenwoordiger in die saak, meen die Nasionale Padverkeerswet en meegaande regulasies is onwettig, onredelik, arbitrêr en vaag in soverre dit die hernuwingstydperk vir bestuurderslisensiekaarte tot vyf jaar beperk. "Die organisasie eis 'n verklarende bevel dat motoriste nie kragtens dié wetgewing gepenaliseer of beboet mag word as hulle nie 'n hernude bestuurderslisensiekaart het nie, aangesien daar nie so 'n boete bestaan nie."

> **Dit is verregaande dat bestuurderslisensiekaarte elke vyf jaar hernu moet word. In talle ander lande word dit elke tien jaar gedoen.**

AfriForum voer in die hofstukke aan dat sy aansoek op grond van regs- en praktiese gronde behoort te slaag. "Uit 'n regsperspektief is die Nasionale Padverkeerswet en -regulasies te vaag om uitvoerbaar te wees. Die wetgewing onderskei nie duidelik tussen 'n 'bestuurderslisensie' en 'n 'bestuurderslisensiekaart' nie. Dit bepaal ook nie uitdruklik dat wanneer die kaart verval, motoriste om 'n nuwe lisensiekaart aansoek móét doen nie. Dit bepaal nie eens dat dit 'n misdaad is om met 'n lisensiekaart wat verval het, te bestuur nie en dit skryf geen boete, straf of sanksies voor nie," sê Eloff.

Reiner Duvenage, veldtogtebeampte vir strategie en inhoud by AfriForum, meen die hofsaak kan 'n waterskeidingsaak wees. "Dit is verregaande dat bestuurderslisensiekaarte elke vyf jaar hernu moet word. In talle ander lande word dit elke tien jaar gedoen. As ons aansoek suksesvol is, sal dit die Departement van Vervoer lelik in die skande steek, aangesien dit sal beteken dat hulle die publiek al jare lank onregmatig straf. Dit kan werklik 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika wees."



**Daniël Eloff**

**Reiner Duvenage**

**Monique Taute**, hoof van Veldtogte by AfriForum.

# AfriForum werp alles in die stryd teen Bela-wet

Deur Alet Rademeyer

AfriForum het alles in die stryd gewerp om die omstrede Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys (Bela-wet) teen te staan.

Die organisasie het, soos talle ander organisasies, onderwysvakbonde en politieke partye, kommentaar teen die wysigingsontwerp ingedien voor die sperdatum van 15 Junie 2022. Die publiek is ook aangemoedig om dit te veroordeel en 'n petisie daarteen te onderteken. Die wetsontwerp is in Oktober 2017 die eerste keer vir kommentaar gepubliseer en Angie Motshekga, minister van Basiese Onderwys, is toe en weer in 2020 oorval met reaksie.

Altesaam 19 organisasies het ook 'n brief aan Motshekga gestuur om hul besware teen die Bela-wet te opper. Leiers van die organisasies is dit eens dat indien die wysigingswetsontwerp aanvaar word, dit 'n eensydige verbreking van die regering se grondwetlike skikking van 1994 sal wees. "Dit sal neerkom op 'n onherstelbare vertrouensbreuk tussen die Afrikaanse taalgemeenskap en die regering," sê dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit.

Dr. Wynand Boshoff, VF Plus-LP en lid van die parlement se portefeuljekomitee oor hoëronderwysonderrig, wetenskap en tegnologie, sê die Bela-wet is vir onderwys wat onteiening sonder vergoeding vir grondbesit is. "Dit kan nie 'reggestel' word nie. Dit moet heeltemal oorgeskryf word!"

Terwyl amptenare soos Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir Onderwys, sê die wetsontwerp is op transformasie gerig, meen ontleders dit hou ernstige gevare vir die voortbestaan van openbare skole (veral Afrikaanse enkelmediumskole) en gehalte-onderrig in die land in. Dit word allerweë as 'n "staatsgreep" op openbare skole bestempel.

## DIE WYSIGINGSONTWERP HET TEN DOEL OM HOOFSAAKLIK DRIE ARTIKELS TE WYSIG:

- **Artikel 5 wat provinsiale onderwyshoofde die finale gesag gee oor leerders se toelating by 'n openbare skool.**
- **Artikel 6 wat provinsiale onderwyshoofde die finale gesag gee oor 'n skool se taalbeleid, met dié hoofde wat verplig sal word om toe te sien dat die taalbeleid die breër gemeenskap dien.**
- **Artikel 13 wat die LUR vir Onderwys die mag gee om skole te laat saamsmelt, die skole se beheerliggame te laat saamsmelt en 'n nuwe naam en adres van die saamgesmelte skool te bepaal.**

Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum, sê dit is van die allergrootste belang dat die wetsontwerp gestuit word. "Wat veral kommerwekkend hiervan is, is dat dit die mag om finaal oor 'n skool se taal- en toelatingsbeleid te besluit van die ouerbeheerliggame wil wegneem en dit in die hande van die provinsiale onderwyshoofde wil laat. In die geval van Gauteng sal dit byvoorbeeld beteken dat Lesufi finaal sal besluit wat die taalbeleid van skole gaan wees, terwyl hy juis nooit 'n geheim daarvan maak dat hy Afrikaanse enkelmediumskole tot niet wil maak nie."

Akademici en onderwyskenners is dit eens dat die wetsontwerp 'n poging van die staat is om gebreke in die stelsel, soos onbevoegde amptenare, onvoldoende kapasiteit by skole, wanfunksionele skole, swak opvoeders en 'n tekort aan geriewe, te verdoesel. Dit word bestempel as net nóg 'n vorm van politieke inmenging by skole wat goed funksioneer.

AfriForum en Solidariteit het aangedui dat hulle gereed is om die geveg na die howe te neem.




Prof. Elirea Bornman

Adv. Albert Lamey

Alana Bailey

### WAT SÊ KENNERS OOR DIE BEOOGDE WYSIGINGS?

**Dr. Theuns Eloff**, politieke ontleder: Dit is die sterkste en bitterste aanval op Afrikaanse onderwys sedert 1994.

**Dr. Anthea Jeffery** van die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV): Hierdie is wraak van Lesufi nadat hy die regstryd om die behoud van Afrikaanse enkelmediumonderrig by die Hoërskool Overvaal verloor het.

**Adv. Albert Lamey**, bekende Pretoriase advokaat: Die besluit om skole se taal- en toelatingsbeleid te sentraliseer en in die hande van die staat te plaas, is irrasioneel en in wese 'n aanval op grondvlakdemokrasie.

**Prof. Elirea Bornman**, kommunikasie-wetenskaplike voorheen verbonde aan Unisa: Omvattende navorsing is internasionaal en plaaslik oor die belangrikheid en voordele van moedertaalonderrig gedoen. 'n Ouer wat nie moedertaalonderrig vir sy kind kies of eis nie, is tevrede met tweede beste vir die kind.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

# Teenboeliespan bereik meer as 120 000 leerders in 5 jaar



Deur Carina Bester

In plaas daarvan om iets aan die nagevolge van misdaad te probeer doen, het AfriForum vyf jaar gelede besluit om eerder proaktief op te tree en vroegtydig by die oorsake van misdaad in te gryp.

Daarom is die teenboelieveldtog in 2017 van stapel gestuur. Sedertdien het die organisasie se teenboeliespan verskeie skole besoek en ongeveer 120 000 leerders bemagtig om afknouery hok te slaan en te herken.



**Matteus**, AfriForum se gelukbringer, **Leandie Bräsler** van AfriForum en 'n leerder van Laerskool JJ van der Merwe.

Volgens Leandie Bräsler, bestuurder vir Jeugleierskap by AfriForum, is dié veldtog geskoei op wedersydse erkenning en respek en fokus hulle veral op die bemagtiging van jongmense. "Afknouery is 'n wêreldwye probleem. Dit is vir ons belangrik om kinders op 'n praktiese en eenvoudige manier oor afknouery te leer en hoe om dit te herken. Ons skole moet 'n veilige hawe vir ons kinders wees sodat hulle nie net akademies nie, maar ook op ander gebiede hul volle potensiaal kan ontwikkel."

Volgens Bräsler sorg veilige skole ook vir 'n veilige gemeenskap, nie net nou nie, maar ook in die toekoms. Leerders word daarom ingelig oor die verskillende vorme van afknouery, naamlik fisies, verbaal, emosioneel, sosiaal en kuberafknouery, asook dat alle gedrag nie as afknouery beskou moet word nie. Leerders word ook ingelig oor die gevare van sosiale media en die ernstige nagevolge wanneer dit vir die verkeerde redes gebruik word.

"Dit is vir AfriForum belangrik om saam met leerders, onderwysers en ouers te werk om 'n verskil te maak en afknouery in skole hok te slaan. Elke leerder wat die teenboelietoespraak bywoon, word toegerus met die nodige kennis en vaardighede om as leier in situasies op te tree waar afknouery plaasvind," sê Bräsler.

Besoek gerus **www.teenboelie.co.za** om meer uit te vind oor AfriForum se teenboelieveldtog.

**Tekens dat jou kind afgeknou word:**

- 'n Vrees om skool toe te gaan of verskonings waarom hulle nie skool toe kan gaan nie
- Verandering in slaappatrone
- Verandering in geaardheid
- Onverklaarbare beserings soos kneusplekke, snye en krapmerke
- Verlies aan eetlus of verandering in eetgewoontes
- Klagtes oor maagpyn, hoofpyn, naarheid of dat hy/sy siek voel
- Vernielde of verlore skoolboeke, klere of elektroniese toestelle
- Skoolpunte wat daal

**Drie kenmerke van afknouery:**

- Aggressiewe optrede met die doel om ander seer te maak.
- 'n Herhaling van hierdie optrede oor 'n tydperk.
- 'n Wanbalans van mag wat die slagoffer hulpeloos laat sodat hy/sy hom-/haarself nie doeltreffend teen die aggressiewe gedrag kan verdedig nie.

AfriForum se teenboeliespan het tussen Januarie en Mei vanjaar reeds 28 skole in die Wes-Kaap, die Noord-Kaap, die Vrystaat, Gauteng en Mpumalanga besoek, terwyl 23 173 leerders en 935 onderwysers na die teenboelietoespraak geluister het.

# Buurtwagte neem voortou om gemeenskappe veilig te hou

Op 8 April vanjaar het AfriForum se 165 buurtwagte reg oor die land in samewerking met die SAPD, plaaslike gemeenskaps-polisiëringsforums (GPF's), gemeenskapslede, verskeie sekuriteitsmaatskappye en ander veiligheidsinstansies 'n massapatrollie in hul onderskeie gebiede uitgevoer om polisiëringsigbaarheid te skep.

Dié aksie het omstreeks 18:00 begin en tot 08:00 die volgende oggend voortgeduur. **1 619 patrolleerders** het aan dié patrollie deelgeneem en 'n totaal van **41 051 km** in **1 216 voertuie** afgelê. **92 voorvalle** is aangemeld en suksesvol hanteer.

Raymond Hohls, AfriForum se waarnemende hoof van Gemeenskapsveiligheid, sê gereelde patrollies is nodig om misdaad in samewerking met ander veiligheidsrolspelers te bekamp en gemeenskappe se veiligheid te verbeter.

# Kabeldiefstal bedreig infrastruktuur

Terwyl staatsverval en agteruitgang weens onbevoegde staatsamptenare en korrupsie hand oor hand toeneem, is kabeldiefstal ook een van die grootste bedreigings vir sowel die land as vir infrastruktuur.

AfriForum-buurtwagte is aktief betrokke om dié probleem te probeer hokslaan. Talle buurtwagte het in samewerking met die SAPD en ander veiligheidsrolspelers sedert die begin van die jaar verskeie kabeldiewe in hegtenis geneem of aan die SAPD oorhandig.

**Hoe groot is die probleem? Volgens inligtingsbronne van Transnet en Eskom is dit enorm:**

- **Tussen Januarie en Oktober 2021 is 1 000 km se koperkabels gesteel.**
- **Transnet het tussen Januarie en November verlede jaar 1 190 treinritte gekanselleer weens veiligheidsverwante voorvalle.**
- **Nagenoeg 600 voorvalle van koperkabeldiefstal en vandalisme word maandeliks aangemeld.**
- **Die multidissiplinêre taakspan wat in Mei 2020 aangestel is om kabeldiefstal by Eskom hok te slaan, het slegs 28 kabeldiewe in hegtenis geneem voortspruitend uit 15 voorvalle.**
- **Staatsentiteite soos Eskom, Transnet, Prasa en Telkom verloor jaarliks meer as R7 miljard weens kabeldiefstal.**











# Ctrack Crystal

## Duidelike en presiese data in die holte van jou hand.

Met Ctrack Crystal kan boere nou die vrugte pluk van 'n ten volle pasmaakbare, lewende wolkgebaseerde platform wat altyd aan is. Dit verseker dat stropers, trekkers, spreiers, laaiers, heiningsnoeiers, baalmasjiene, vervoerbande en alle ander plaasbates nou "Altyd Sigbaar" is.




GET IT ON Google Play | Download on the App Store

**Veiligheid en sekerheid**
- intydse data en bateligging
- lewende paneelbordkaarte
- digitale voorinspeksiebateverslae
- proaktiewe monitering
- geosone-kartering met intydse waarskuwings

**Bestuurs- en batebenuttingsgedrag**
- nuut ontwikkelde iOS- en Android-toep
- tweerigtingboodskappe
- werk/taak-lyste
- kameraoplossing met kunsmatige intelligensie (AI)

* **Sommige eienskappe nog nie beskikbaar in Afrika nie. Foto vir illustrasiedoeleindes.**

**Produktiwiteit en doeltreffendheid**
- intydse data help met strategiese beplanning
- plaasbedrywighede sigbaar via visuele paneelbord
- gebruikersgerigte verslaggewing optimeer produktiwiteit

**Beheer**
- haarfyn noukeurigheid van bateligging
- hersien masjineriegebruik, afstanddekking en diensskedules
- help saaiboere om gebruikspatrone te ontleed

**Batebestuur**
- verbeterde beheer en doeltreffende gebruik vir beter opbrengs op belegging
- kritiese data oor bateligging en gebruik
- waarskuwing van potensiele diefstal en peutering

Ctrack

Vir meer inligting, skakel Ctrack by 012 450 2295 of stuur 'n e-pos aan afriforum@ctrack.com.
www.ctrack.co.za | sales@ctrack.com | Skakelsentrum: +27 (0)860 333 444

Altyd Sigbaar




**Die winterskoolvakansie is om die draai! Bespreek jou wegbreek.**

**AfriForum-lede kwalifiseer vir 20%-KORTING.**

**Skakel 012 2771 204**
**om te bespreek.**

**www.kokoriba.co.za**
Bepalings en voorwaardes geld.

# Interkulturele verhoudings en samewerking noodsaaklike deel van vryheidsplan

Deur Barend Uys

Die koninklike familie van die Barolong Boo Seleka-tradisionele gemeenskap van Thaba 'Nchu, oos van Bloemfontein, het in Junie uiteindelik ná 'n leierskapstryd van ongeveer tien jaar as oorwinnaars uit dié stryd getree.

Die laaste "veldslag" was 'n dringende aansoek in die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein waar die hof beveel het dat Sisi Ntombela, Vrystaatse premier, prinses Gabo Moroka as regentes (waarnemende opperhoof) moet erken, terwyl Ntombela ook beveel is om die koste van die aansoek te betaal.

AfriForum het die koninklike familie tydens die aansoek bygestaan.

Die koninklike familie se stryd om hul regmatige plek as leiers van die gemeenskap te behou het in 2013 ná die afsterwe van hul familielid opperhoof Gaopalelwe Moroka begin. 'n Dispuutgroep wat ontevrede was met die aanwysing van 'n vrou as opperhoof het die regmatigheid van die familie bevraagteken en in stryd met die familie getree.

Ace Magashule, voormalige premier van die Vrystaat, het die Kommissie vir Tradisionele Leierskapdispute en -Eise destyds opdrag gegee om die dispuut te ondersoek. Tydens hierdie ondersoek het die dispuutgroep die gronde van hulle beswaar gewysig en aangevoer dat die regerende koninklike familie se aanspraak op die leierskap ongeldig is weens die beweerde onbehoorlike opvolging van opperhoof Moroka II deur opperhoof Tshipinare Moroka in 1880, meer as 140 jaar gelede. Op grond van 'n baie gebrekkige verslag deur die kommissie het Magashule besluit om die leierskap van die regerende koninklike familie te beëindig en die leierskap na die dispuutgroep oor te dra.

AfriForum is van die familie se stryd in kennis gestel en het besluit om dié ou vriende van die Afrikaners te help. Dié samewerking het in Maart 2020 tot 'n eerste deurbraak gelei toe verlof tot appèl aan die familie toegestaan is. Op 31 Maart 2022 het die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein ook ten gunste van die koninklike familie beslis en die kommissie se verslag en die premier se besluite gevolglik ter syde gestel. Die koninklike familie het daarom prinses Gabo Moroka as regentes geïdentifiseer en 'n aansoek om erkenning by die premier ingedien. Die aansoek is herhaaldelik skriftelik opgevolg, maar die premier het geen stappe geneem nie en die familie is genoodsaak om die hof op 'n dringende grondslag te nader om te verseker dat prinses Gabo die gemeenskap kan verteenwoordig tydens die hersamestelling van die Vrystaatse Provinsiale Huis van Tradisionele en Khoisan-leiers.

Danksy die suksesvolle dringende aansoek is prinses Gabo ook op 14 Junie as ondervoorsitter van die Vrystaatse Provinsiale Huis van Tradisionele en Khoisan-leiers verkies.




AfriForum het gehelp met 'n landbouprojek om die gemeenskap van Thaba 'Nchu te ontwikkel.




**Prinses Gabo Moroka** en lede van die Barolong Boo Seleka-gemeenskap saam met **Barend Uys** van AfriForum by 'n monument wat die Voortrekkerregering by Morokashoek opgerig het.

## DIE BAROLONG BOO SELEKA EN AFRIKANERS IS OU VRIENDE

Die vriendskap en samewerking tussen Afrikaners en die Barolong Boo Seleka het tydens die Groot Trek begin. Al die groot trekgeselskappe, met die uitsondering van dié van Louis Trichardt, het 'n trekroete gevolg wat deur Thaba 'Nchu gegaan het. Verskeie trekleiers het dan ook verdrae met opperhoof Moroka II gesluit. Dit was egter die Barolong Boo Seleka se hulp aan die Potgieter-trek ná die Slag van Vegkop wat die vriendskap verewig het. Tydens dié geveg is al die Voortrekkers se trekdiere deur Mzilikazi se Ndebele weggevoer en die waens en mense kon nie na veiligheid verskuif word nie. Opperhoof Moroka het die Voortrekkers te hulp gesnel en trekdiere verskaf sodat die Voortrekkers na die veiligheid van Thaba 'Nchu kon terugkeer. Die Voortrekkerregering is ook by Thaba 'Nchu verkies en 'n monument is by Morokashoek opgerig om die daarstelling van die eerste demokratiese Afrikanerregering te herdenk. Die Barolong Boo Seleka, maar ook die Barolong Boo Ratlou en die Barolong Boo Rapulana, het saam met die Voortrekkers uitgetrek in die veldtogte wat teen die Ndebele van Mzilikazi gevoer is waartydens Mzilikazi se mag in die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier verbreek is en hy sy koninkryk aan die anderkant van die Limpoporivier gaan vestig het. Die eerste Voortrekkernagmaaldiens is ook in Oktober 1837 in die veiligheid van die Thaba 'Nchu-omgewing gehou. 'n Paar dekades later was dieselfde Barolong Boo Seleka 'n belangrike bondgenoot vir die Republiek van die Oranje-Vrystaat tydens die oorloë teen die Basotho in 1858 en 1865.

> **Dit was egter die Barolong Boo Seleka se hulp aan die Potgieter-trek ná die Slag van Vegkop wat die vriendskap verewig het.**

## SAMEWERKING IS NIE 'N VREEMDE OF NUWE IDEE NIE

Die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum deel is, volg 'n benadering wat ons verwoord as "skeppende vernuwing gegrond op beproefde waardes en ervaring". As ons dus wil bepaal wat ons moet doen, oorweeg ons ons waardes en ons ervaring. Daarna gaan ons vernuwend en skeppend te werk om vir die opkomende geslagte 'n toekoms moontlik te maak.

As ons dus weer die geskiedenis gaan opsoek soos hierbo, kom ons agter dat ons voorouers verstaan het dat bondgenootskappe met ander volke noodsaaklik is vir oorlewing. As ons dus ou vriendskappe laat herleef en nuwe vriendskappe sluit, is ons besig om in ons voorouers se voetspore te volg en sodoende kan ons verhoed dat foute herhaal word en verseker dat 'n vreedsame toekoms moontlik is.

## ONS WAARDES

Die bron van ons waardes is ons Christelike geloof. Die liefdesgebod wat ons horisontaal moet uitleef, soos dit staan in Matteus 22:39, verduidelik dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Dit is al saamgevat met die woorde "doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê". Dit beteken dus dat dit reg is om na jou eie belange om te sien, maar ook na die belange van ander. Dit beteken nie om jouself te benadeel tot voordeel van 'n ander nie.

In Romeine 12:18 staan geskryf: "As dit moontlik is, sovêr dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." In Spreuke 3:27 staan die volgende geskryf: "Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie." Meer as dit hoef ons nie te sê nie.

## DIE TOEKOMS

AfriForum is ook reeds besig om in samewerking met Saai, Agri All Africa, Pioneer en plaaslike kommersiële boere 'n gesamentlike landbouprojek in Thaba 'Nchu te bedryf om die gemeenskap te ontwikkel, asook om voedselsekerheid te verbeter. 'n Eerste mielie-oes is reeds afgehaal en 'n groentetuin is ook in ontwikkeling. Soortgelyke landbouprojekte is ook in ander gebiede in wording.

Die uiteindelike doel van interkulturele verhoudings en samewerking is om 'n netwerk van selfstandige kultuurgemeenskappe te vestig wat verantwoordelikheid neem vir sake van eie belang, maar ook kan saamwerk om sake en uitdagings waar belange gedeel word, gesamentlik aan te pak.

Dit is 'n eenvoudige werklikheid dat Afrikaners hier in Suider-Afrika tussen ander kultuurgemeenskappe woon. Ons vryheidsplan, wat stewig in die werklikheid gegrond is, sluit daarom die bou van verhoudings en samewerking met ander kultuurgemeenskappe in.

***Barend Uys is hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum.***





# Viva la AfriForum! Kuba-skenking vir eers gestuit

Deur Reiner Duvenage

Die regering se beplande skenking van R50 miljoen aan Kuba het massaverontwaardiging en -gebelgdheid onder die publiek aangewakker. AfriForum deel hierdie sentiment en het onmiddellik ná die aankondiging van die skenking ’n prokureursbrief aan die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (Dirco) gestuur waarin ’n geskrewe verduideliking vir die skenking geëis is én gevra is waar die fondse vir die skenking vandaan gekom het. Dirco se verduideliking was dat dit volg op ’n humanitêre versoek van Kuba.

AfriForum verwerp dié verduideliking en het met regstappe begin. Die regsaksie bestaan uit twee dele, naamlik ’n aanvanklike dringende interdik om die betaling van die fondse te stuit en ’n hersieningsaansoek om die besluit om die fondse te skenk, om te keer. Die eerste deel van die aansoek was suksesvol met die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria wat die interdik met koste toegestaan het. Die hof het bevind daar kan onherstelbare skade vir die burgers van die land wees indien die skenking gemaak sou word, asook dat AfriForum in belang van die breër gemeenskap optree. Die regering was klaarblyklik só desperaat om Kuba te help dat dit op ’n dringende basis aansoeke om verlof tot appèl by sowel die Hooggeregshof as die Konstitusionele Hof ingedien het.

Die eerste aansoek om verlof tot appèl is op 10 Mei deur die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria met koste van die hand gewys. Die hof het bevind dat daar nie gronde was om teen die tussentydse bevel te appelleer nie omdat die meriete van die skenking in elk geval bepaal sou word wanneer die hersieningsaansoek aangehoor word.

Regter Brenda Neukircher se uitspraak het AfriForum se optimisme

> **By ’n gedenkdiens ná Castro se dood het pres. Cyril Ramaphosa immers gesê Suid-Afrika het “beginselvaste leiers” soos Castro nodig.**

versterk dat verdere aansoeke om verlof tot appèl ook nie sal slaag nie. Die uiteindelike hersieningsaansoek, wat daarop gemik is om die besluit om die skenking te maak onwettig te verklaar, het ook ’n goeie kans op sukses. Volgens AfriForum se regspan het die korrekte en behoorlike prosedurele oorsig vir die skenking nie plaasgevind nie en is dit boonop irrasioneel en onwettig in die heersende ekonomiese klimaat.

Asof dié Kuba-skenking nie reeds genoeg drama veroorsaak het nie, het die sage ’n verdere dramatiese wending geneem met AfriForum se versoek om toegang tot die rekord van die besluitneming vir die skenking te kry. Na aanleiding hiervan is op 16 Mei onthul dat daar bo en behalwe die beplande R50 miljoen-skenking ook R350 miljoen in toelaes sedert 2012 aan Kuba betaal is. Ondanks die storm wat dié onthulling veroorsaak het, is die regering klaarblyklik meer vasbeslote as ooit om volstoom voort te gaan met die verkwisting van broodnodige fondse te midde van ’n ernstige ekonomiese krisis in die land.

Die ANC-regering se rasionalisering vir die skenking maak egter sin teen die agtergrond van die party se heldeverering vir Fidel Castro, voormalige leier van Kuba, en noue bande met die Kubaanse skurkestaat. By ’n gedenkdiens ná Castro se dood het pres. Cyril Ramaphosa immers gesê Suid-Afrika het “beginselvaste leiers” soos Castro nodig. Daarbenewens het die korrupte Ace Magashule, voormalige premier van die Vrystaat, ’n reusestandbeeld van Castro laat oprig te midde van Bloemfontein se verrinneweerde middestad en strate vol slaggate.

En steeds tokkel Naledi Pandor, minister van Dirco, op haar deuntjie dat Suid-Afrika nie anderpad kan kyk terwyl onwettige blokkades en (Amerikaanse) sanksies Kuba se ekonomie doodwurg nie. “Ons is bereid om in eenheid met ons broers en susters in Kuba op te tree,” voer sy aan.

Castro was bekend vir sy aanhaling “die geskiedenis sal my vryspreek”. AfriForum is egter van mening dat sowel Castro as die ANC in die geskiedenisboeke hard geoordeel sal word vir hul dade en vergrype wat boekdele spreek. Dit staan die ANC-regering seker vry om geld onafhanklik in te samel en vir Kuba te skenk om sy argaïese Koue Oorlog-bande te handhaaf, maar voos belastingbetalers gaan beslis nie hiervoor opdok nie. AfriForum sal dít in die howe bly beveg.

***Reiner Duvenage is ’n veldtogtebeampte by AfriForum.***


10 JAAR
SPLINTERNUWE KWALIFIKASIE
Programmeer jou toekoms oop
Studeer BSc (Rekenaarwetenskappe)
NOU VOLTYDS OP DIE CENTURION-KAMPUS AANGEBIED
Studieaansoeke vir 2023 is reeds oop
SKANDEER DIE QR-KODE VIR MEER INLIGTING
www.akademia.ac.za
AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# JONG BESIGHEIDSBYTJIES aangemoedig om wyer te dink

Deur Marthinus Koekemoer

Vanjaar se Besigheidsbytjies-entrepreneurskompetisie het in April met toere na die Wes-Kaap en Gauteng afgeskop.

Twee splinternuwe kategorieë is vanjaar ingesluit – een vir entrepreneurs met 'n liefde vir landbou en die ander vir entrepreneurs in die buiteland.

Dié aanlyn kompetisie is in 2019 vir laerskoolleerders van stapel gestuur, maar het intussen uitgebrei om ook aan hoërskoolleerders die geleentheid te bied om daaraan deel te neem.

"Die doel van die kompetisie is eenvoudig om jong entrepreneurs te bemagtig. Dit was nog nooit so belangrik om jong volwassenes te leer om entrepreneurs te word soos nou nie. Entrepreneurskap is nie noodwendig iets waarmee elke persoon gebore word nie; dit is ook iets wat geleer, gevorm en uiteindelik ontwikkel kan word," sê Leandie Bräsler, AfriForum se bestuurder vir Jeugleierskap.

Die Hommelbytjies-afdeling maak voorsiening vir leerders van gr. 1 tot gr. 3 en vir leerders van gr. 4 tot gr. 6. Die Juniorpreneurs-afdeling sluit leerders in van gr. 7 tot gr. 9 en leerders van gr. 10 tot gr. 12. AfriForum Wêreldwyd maak ook voorsiening vir entrepreneurs in die buiteland; hier is daar kategorieë vir kinders tussen 7 en 12 jaar oud en vir kinders tussen 13 en 18 jaar oud. Die Saai-kategorie, vir leerders met 'n belangstelling in landbou, is oop vir sowel laerskoolleerders (gr. 1 tot gr. 7) as hoërskoolleerders (gr. 8 tot gr. 12).

Raising Brightness het vanjaar by die kompetisie ingeskakel om hul kursus Bou 'n Besigheid aan skoliere bekend te stel. "Ons dink dit is belangrik om kinders vaardighede te leer wat nie noodwendig by die gewone kurrikulum ingesluit is nie, soos byvoorbeeld hoe om 'n besigheid te bou," sê Yolanda Grobler, uitvoerende hoof van die organisasie.

Daar is oudergewoonte weer groot pryse op die spel in die onderskeie kategorieë. In sommige kategorieë sal die wenner tot R10 000 in die sak kan steek. Naaswenners sal ook pryse wen. Die publiek sal van 12 tot 20 Oktober 2022 vir hul gunstelinge kan stem deur **www.besigheidsbytjies.co.za** te besoek. Meer inligting oor die kompetisie en hoe om daarvoor in te skryf is ook op die webtuiste beskikbaar. Inskrywings is gratis.

Die publiek se stemme tel 50% van deelnemers se punte. Op 21 Oktober sal 'n groep deskundiges verder punte toeken om die oorblywende 50% te bepaal.

Die wenners word op 1 November aangekondig.

"Ons kinders is die volgende generasie leiers en hulle moet hoop skep deur reeds van jongs af te werk aan 'n nóg blinker toekoms," sê Bräsler.



**Leandie Bräsler**, AfriForum se bestuurder vir Jeugleierskap, en **Yolanda Grobler** van Raising Brightness.

FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER




# De Kleine Griet
## is vermaak vir die hele gesin

Deur Carina Bester

'n Kaptein met ambisie, wie se onder-die-tafel-manier van dinge doen hom gereeld in die warm water laat beland, en sy bemanningslede se avonture op die skip De Kleine Griet sal die hele gesin laat skaterlag.

Die karaktergedrewe komediereeks *De Kleine Griet* speel in die 17de eeu af en vertel die storie van die fiktiewe kaptein Wim van de Vaart en sy vermakerige bemanning wat hom tydens reise vergesel. *De Kleine Griet* is in April vanjaar by AfriForum Teater bekendgestel en al agt episodes van dié reeks kan gratis op AfriForumTV gestroom word.

Die reeks bevat 'n klomp eksentrieke karakters en die avontuur begin as kaptein Van de Vaart uitvind van 'n onontdekte eiland wat net as 'n legende beskou word, 'n mite wat nie bestaan nie. Die ontdekking van dié eiland sal nie net baie rykdom meebring nie, maar dit sal ook beteken dat 'n nuwe handelsroete van daar af gevestig kan word. Ongelukkig is hy nie die enigste een wat na die eiland op soek is nie.

"*De Kleine Griet* is 'n reeks vir die hele gesin. Dit is 'n verhaal oor hoe avontuur die karakters inhaal. Ek is baie lief vir komedie as 'n genre en dit was absoluut 'n lekker proses om die reeks te verfilm. Ons het die reëls effens gebreek omdat ons met die verlede en geskiedenis spot en ons het nie noodwendig op die akkuraatheid daarvan gefokus nie," sê Elrich Yssel, regisseur van *De Kleine Griet*.

Volgens Yssel was die aanvanklike idee om 'n seerowerstorie te skryf, maar dit het verander in 'n storie wat om die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (algemeen bekend as die VOC) draai. "Ek het gedink deur daardie element in te bring is dit 'n storie wat uniek is en 'n bietjie van ons kultuur en geskiedenis bevat. Daar is ook baie grappe wat spot met die moderne elemente van vandag wat nie tóé bestaan het nie."

Die meeste van die verfilming van *De Kleine Griet* het by die Heartfelt Arena in Pretoria plaasgevind, terwyl tonele ook by Melrose-huis in Pretoria, die Pretoria Boeremark en die Fonteine-sirkel, wat as 'n woud dien, verfilm is.

Mareli Theron, vervaardiger, sê dit is wonderlik om te sien hoe die storie op papier lewendig geword het tot iets wat nou op die skerm verskyn. "Ons het gesien hoe die karakters mense word en dit was heerlik om te sien hoe die verskillende stelle en prentjies wat 'n mens in jou kop het, lewe kry."

Volgens Luan Lauw, skrywer van die reeks, het hy gepoog om unieke karakters te skep en verskillende persoonlikhede saam op die skip te plaas wat 'n plofbare situasie kan laat plaasvind.

"Die hele proses was fantasties. As Elrich en Luan nie aanhou regisseer en skryf nie, gaan die Suid-Afrikaanse filmbedryf baie armer wees," sê Tiaan Slabbert, wat die rol van Bas Boudewijn vertolk.


Kaptein Wim van de Vaart

Akteurs wat in die reeks te sien is, is Charlie Bouguenon, Leán van den Bergh (die bekende akteur en regisseur Regardt van den Bergh se dogter), Tiaan Slabbert, David Steyn, JP du Plessis, Deoudoné van der Merwe en Jürgen Hellberg. Chris Chameleon maak ook 'n vinnige verskyning in die reeks.


**Luan Lauw** en **Elrich Yssel** in gesprek met **Ernst Roets** tydens die bekendstelling van *De Kleine Griet*.

FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

# AfriForumTV:

## 'n Tuiste vir Afrikaans oral in die wêreld









FOTO'S: PHILIP ROBINSON/MARTHINUS KOEKEMOER

AfriForum het onlangs geskiedenis gemaak toe die organisasie AfriForumTV, sy gratis digitale platform vir sowel lede as nielede, by AfriForum Teater in Pretoria en in Kaapstad bekendgestel het.

Dié platform bied 'n wye verskeidenheid digitale inhoud in Afrikaans wat intekenaars in die gemak van hul eie huis op hul televisie, rekenaar of selfoon kan verken en kyk.

AfriForumTV is nie net 'n kommunikasiestrategie om die publiek en AfriForum-lede van die organisasie se nuus en gebeure bewus te maak nie, maar ook om vermaak te bied met films, kinderprogramme, sportuitsendings, asook fiksie- en realiteitsreekse.

> **"Dit is nog een van vele voorbeelde hoe federalisme en onafhanklikheid in praktyk kan lyk en werk.**

AfriForumTV is ook 'n uitvloeisel van die organisasie se strewe om selfstandige instellings op die been te bring wat kulturele ruimtes skep. AfriForumTV is 'n Afrikaanse tuiste met kykers wat reg oor die wêreld versprei is. Dit is nog een van vele voorbeelde hoe federalisme en onafhanklikheid in praktyk kan lyk en werk.

Die inhoud vir AfriForumTV word deur die organisasie self, instellings binne die Solidariteit Beweging, asook eksterne inhoudverskaffers verskaf.

Nadia Beukes, bekende televisiepersoonlikheid, was die seremoniemeester tydens die bekendstelling en het hierdie mylpaal goed opgesom met haar woorde: "Ons vat iets uit ons eie geskiedenis en harte en skep daarmee iets nuut vir ons nageslagte."

AfriForumTV is beskikbaar by **www.afriforumtv.co.za** of kan afgelaai word van Google Play Store.



**Ernst Roets** en **Kallie Kriel** by die bekendstelling in Kaapstad.




**Nadia Beukes** was die seremoniemeester.




**Hannes Brümmer** vermaak die gaste tydens die geleentheid.

# AfriForum TV

Vermaak. Gratis. Aanlyn.

## Laai die AfriForumTV-toep hier af:
## www.afriforumtv.co.za




# Wat is AfriForumTV?

- **AfriForumTV** is 'n **aanlyn platform** waarvandaan kykers **Afrikaanse inhoud** van verskeie genres kan **stroom.**
- **AfriForumTV** verskaf **Afrikaanse vermaak gratis aanlyn.**

## Nou beskikbaar op

Laai af van Google Play

Binnekort beskikbaar op App Store



# Nuwe boek

## oor krygsgevangenekampe van die ABO binnekort beskikbaar

Deur Ilze Nieuwoudt

Menigte Afrikanerfamilies vertel reeds geslagte lank van hul voorouers se ervarings tydens die Anglo-Boereoorlog (ABO), wat vanjaar 120 jaar gelede met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging tot 'n einde gekom het.

Verhale van verwoesting, heldedade, verraad en die konsentrasie- en bannelingkampe is algemeen. Hoewel die ervarings van verskeie krygsgevangenes wat in St. Helena, Ceylon, Bermuda en Indië aangehou is al te boek gestel is, is die ervarings van gevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe bykans onbekend.

*Vasgevang! Die lewe van die Boere in die Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* deur Louis Changuion takel dié element van die oorlog in detail. Dié boek, onder redaksie van die gesoute historikus prof. Fransjohan Pretorius, is die vierde in Kraal Uitgewers se Kraal Histories-reeks en word binnekort bekendgestel. Dit spruit uit Changuion se meestersgraadstudie oor dieselfde onderwerp.

Die eerste Boerekrygsgevangenes is reeds vroeg in die oorlog, in November 1899, na Simonstad gestuur en oorspronklik aan boord van transportskepe in die baai aangehou. Enkele maande later, in Januarie en Februarie 1900, is die eerste gevangenes oorgeplaas na die krygsgevangenekampe in Kaapstad, Simonstad en Ladysmith, en kort vóór die einde van die oorlog, in Januarie 1902, is nóg 'n kamp in Durban opgerig.

In die loop van die oorlog sou uiteindelik nagenoeg 28 000 krygsgevangenes van die Transvaalse en Vrystaatse kommando's eers in dié Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe aangehou word. Hier het krygsgevangenes kortstondige, maar omvangryke gemeenskappe gevorm voordat hulle vanaf April 1900 na die 31 buitelandse kampe gestuur is. Later sou die Suid-Afrikaanse kampe weer as deurgangspunt dien – hierdie keer om gerepatrieerde Boere te huisves voordat hulle ná die lang en uitmergelende oorlog kon terugkeer na hul tuisdistrikte.

Die boek bied 'n uitsonderlike kultuurhistoriese beskrywing van die lewe van Boerekrygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe.

Volgens die Vrystaatse historikus prof. André Wessels is Changuion se studie "in die lig van die 120ste herdenking van die Anglo-Boereoorlog [...] 'n tydige en welkome toevoeging tot die historiografie van hierdie ingrypende oorlog".

Dr. Vicky Heunis, museumkundige en historikus van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, meen dié studie vul 'n belangrike leemte.

In die boek stel Changuion onder meer ondersoek in na die Britse beleid wat tot die vestiging van die Suid-Afrikaanse kampe gelei het, die ontstaan, bestuur en organisasie van die kampe, asook die daaglikse lewe van gevangenes in die kamp. Minder aangename aspekte van gevangenskap en behoudende faktore soos godsdiens en vorme van vryetydsbesteding word ook nagespoor.

Besoek **www.kraaluitgewers.co.za** vir meer inligting.

## KYK HIER!

*Lalasini*, 'n nuwe gratis aanlyn publikasie, is vroeër vanjaar bekendgestel. Dié aanlyn tydskrif bevorder kennis, kultuur en innovering. Dit bevat ook ten volle geïntegreerde multimediaskakels wat klankgrepe, video's, internet, e-pos en sosiale media insluit.

Daar is onder meer ook kultuurgedrewe kompetisies waaraan lesers kan deelneem. Die artikels en rubrieke is geskik vir die hele gesin.

*Lalasini* is verbind aan die Eugène Marais Stigting wat 'n niewinsgewende organisasie is.

Van die interessante artikels in keurige Afrikaans handel oor digters en dorpe, die geskiedenis van plekke, gesondheid, kos en ander aktuele onderwerpe.

Die publikasie is beskikbaar by **www.lalasini.co.za/om**.





# Afrikaanse vermaak op pad na Australië en Nieu-Seeland

Deur Sue-Ann de Wet

Het jy familie en/of vriende in Australië of Nieu-Seeland? Laat weet hulle dan dat hulle binnekort kan uitsien na eg Afrikaanse vermaak! Jo Black, Danny Smoke en Elandré tree in Augustus en September in dié twee lande op danksy AfriForum Wêreldwyd en South African Events.

*Afrikaans is Lekker* is 'n Suid-Afrikaanse konsertreeks wat jaarliks in Australië en Nieu-Seeland gehou word en deur South African Events aangebied word.

Ná twee jaar se afwesigheid weens Covid is AfriForum trots om vanjaar weer eens as hoofborg op te tree vir die *Afrikaans is Lekker*-toer in Australië en Nieu-Seeland. AfriForum Wêreldwyd en South African Events stap al 'n lang pad saam en ons sien daarna uit om vanjaar weer deel te wees van hierdie kuiergeleentheid vir Suid-Afrikaners in die buiteland.

Dit is vir ons belangrik dat ons mense in die buiteland informeel bymekaar kan kom en steeds hul kultuur kan vier.

Kom sing, lag en raak nostalgies saam met hierdie ongelooflike kunstenaars wanneer hulle in Brisbane, Sydney, Melbourne, Perth en Auckland optree.

Besoek AfriForum Wêreldwyd se webtuiste by **www.wereldwyd.co.za** vir meer inligting en om kaartjies te koop of volg ons op sosiale media om op hoogte te bly van enige nuwe inligting. Kaartjies sal teen middel Junie beskikbaar wees.

**Datums vir buitelandse musiekkonsert:**
27 Augustus 2022 – Brisbane
28 Augustus 2022 – Sydney
2 September 2022 – Auckland
3 September 2022 – Melbourne
4 September 2022 – Perth




AFRIKAANS IS LEKKER 2022
www.southafricanevents.com
AfriForum WÊRELDWYD

# AfriForum Wêreldwyd hou kuieroggend vir diegene met geliefdes in die buiteland

Het jou geliefdes geëmigreer of beplan hulle dalk om dié groot stap te neem? Voel jy onseker oor hoe om dit te hanteer en wil jy graag op iemand se skouer huil wat die realiteit van emigrasie verstaan?

Ons besef dat wanneer jou geliefdes besluit om die land permanent te verlaat jy meteens 'n hele paar uitdagings moet trotseer. Hierdie kuieroggend bied die ideale geleentheid om 'n waardevolle ondersteuningsnetwerk op te bou vir daardie dae wat die verlange net te veel raak.

**KUNDIGES SAL ONDER MEER DIE VOLGENDE VRAE BEANTWOORD:**

» **Hoe moet ek hulle emigrasie benader?**

» **Hoe kan ek betrokke bly as hulle in 'n ander land woon?**

» **Hoe raak ek vertroud met hulle nuwe werklikheid?**

» **Wat kan ek doen om my verlange te hanteer?**

» **Moet ek oorweeg om alles prys te gee om by hulle te gaan woon?**

Jy sal ook die geleentheid kry om ander vrae te vra en moontlike wenke te deel.

Die geleentheid word einde Julie in Pretoria aangebied.

Stuur gerus 'n e-pos na **wereldwyd@afriforum.co.za** indien jy belangstel om dit by te woon of om meer inligting daaroor te bekom.

Teken ook in op AfriForum Wêreldwyd se *Kollig*-nuusbrief sodat jy nie belangrike inligting misloop nie.



Ruan Smuts, Omar Methar en Jacques Laubscher, buurtwagleier, vul slaggate in Benoni.

# Só lyk federalisme in praktyk!

*AfriForum-takke reg oor die land het die laaste paar maande nie net weer eens bewys dat hulle nie huiwer om moue op te rol om selfdoenprojekte aan te pak nie, maar hulle het ook hul harte teenoor hul onderskeie gemeenskappe oopgemaak en op verskillende maniere hulp aangebied.* **Ischke van Eeden** *gee 'n oorsig van sommige van die projekte wat aangepak is.*

## OORSTROMINGS EN DROOGTE

- AfriForum-takke in KwaZulu-Natal het hul hande vol gehad met die reuse-oorstromings wat dié provinsie in April getref het, terwyl van die takke wat nie in die vloedgeteisterde gebiede geleë is nie ingespring en noodsaaklikhede vir slagoffers ingesamel het. Die takke in Amanzimtoti en Margate het hulp verleen aan gemeenskappe wat direk deur die vloede geraak is, terwyl die takke in Pongola, Newcastle en Utrecht benodighede vir vloedslagoffers ingesamel en 'n noodfonds gestig het.
- Die Bo-Karoo-tak het in samewerking met die Douglas Jongboervereniging sowat 60 ton voer aan boere in die Hopetown- en Vosburg-omgewing geskenk en versprei. Die boere in hierdie gebiede het onder 'n lang droogte gebuk gegaan en is daarna getref deur brande wat groot gedeeltes veld verwoes en vee doodgebrand het.

## SKENKINGS

- Die AfriForum-tak in Middelburg het 'n nuwe yskas aan die SAVF-tehuis vir bejaardes in dié dorp geskenk.
- Die Moreletapark-tak in Pretoria het ses vullisdromme aan die Moreletapark Natuurreservaat geskenk.
- Die Ermelo-tak het geborgde T-hemde aan die Laerskool JJ van der Merwe oorhandig, asook 'n onveilige elektriese verbinding naby die skoolhek beveilig.
- Die Bethal-sopkombuis, Ermelo Outreach, die CMR Kinder- en Jeugsorgsentrum in Ermelo, asook die Koppiestraat-behuisingsprojek in Middelburg is van die organisasies wat tot dusvêr vanjaar uit AfriForum se gemeenskapsgroentetuin in Bethal gebaat het.
- In Kimberley het die AfriForum-tak die mediese personeel in die intensiewesorgeenheid van die Robert Mangaliso Sobukwe Hospitaal, die Lenmed Royal Hospitaal en Hartsentrum en die Mediclinic Gariep met middagetes bederf.

## RIOOLPROBLEME EN WATERLEK-KASIES

- Die Welkom-tak het verskeie mangate en verstopte rioolpype in Riebeeckstad laat ontblok en skoonmaak. Rou riool het op sommige plekke in inwoners se erwe en in die strate oorgespoel.
- Nadat die AfriForum-tak in Bothaville al die afgelope twee jaar druk op die Nala Plaaslike


Die Heilbron-tak se skoonmaakprojek in Langmarkstraat.


'n Kranslegging by Kimberley se Konsentrasiekampmonument.


**Gerrie Muller** van Heilbron snoei bome.

**Munisipaliteit uitgeoefen het om oplossings vir rioolprobleme in die dorp te vind, is die einde aan dié probleme uiteindelik in sig. Ná die installasie van 'n pyp wat riool van Brandstraat na die rioolwerke neem, beland geen riool meer hier in die Valsrivier nie.**

## SKOONMAAKPROJEKTE

- **AfriForum se Strand-tak het in samewerking met die Strand Patrol-buurtwag verskeie bome en bosse by Gants Plaza in die stegie by Mynhardtstraat gesnoei.**
- **In Heilbron het die tak die park langs die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit skoongemaak, asook die gebied rondom die munisipale gebou en die biblioteek. Die oop area oorkant die munisipaliteit is ook opgeruim en die projek om die dorp se ingang vanaf Petrus Steyn skoon te maak, is in samewerking met die gemeenskap en 'n span gevangenes van die plaaslike gevangenis voltooi.**
- **Die Ermelo-tak het 'n projek van stapel gestuur om die plaaslike begraafplaas op te ruim en het 'n kontrakteur aangestel om gereeld die begraafplaas se gras te sny.**
- **Die Klerksdorp-tak het in samewerking met gemeenskapslede, die Laerskool Saamtrek, die Hoërskool Wesvalia en die Hoërskool Klerksdorp se landsdiensleerders begin met die opruiming van die voëlpark waar die pretdraf ook plaasvind.**
- **Die AfriForum-takke in Centurion, Delportshoop, Ventersdorp, Vanderbijlpark, Upington, Kaapstad-Noord en Sasolburg het talle skoonmaakprojekte aangepak en onder meer gras gesny.**

## ERFENIS

- **Die AfriForum-tak in Potchefstroom het agt nuwe eikebome in die historiese eikeboomlaning geplant nadat sommige van die ouer bome gevrek het. Die tak het ook die termietplaag by die Totiushuismuseum laat behandel.**
- **Bloemfontein se historiese monumente is in 'n goeie toestand danksy die Bloemfontein-takke wat sedert verlede jaar onderhoudswerk verrig by die President Brand-begraafplaas en die Brits-monument. Anchor of Hope staan die takke by met dié skoonmaakprojekte.**
- **Die Middelburg-tak het die konsentrasiekampbegraafplaas in dié dorp opgeruim om dit weer mooi en netjies te maak.**
- **Die Belfast-tak het 'n projek geloods om die Belfast-konsentrasiekampbegraafplaas gereeld skoon te maak.**
- **Die Kimberley-tak het 'n kranslegging by die Konsentrasiekampmonument in die stad gehou in samewerking met die Rapportryerbeweging, die Rocco Knobel Voortrekkerkommando en die Hoërskool Adamantia se landsdiensleerders.**


Die AfriForum-tak in Bethal se groentetuin.

## PAAIE

- AfriForum se Zeerust-tak het altesaam 125 sakke teer van 25 kg elk gebruik om slaggate in die dorp op te vul.
- Die Groter Moot-tak in Pretoria het ses slaggate opgevul. Dié tak het ook onlangs ’n dorpskantoor oopgemaak.
- Die tak in Benoni het 25 slaggate in Woburnlaan, Bunyan-, Swan- en Russelstraat opgevul.
- AfriForum se Noord van die Berg-tak in Pretoria het sowat 875 kg teer gebruik om slaggate voor die Laerskool Wonderboom op te vul.
- AfriForum se Warmbad-tak het ’n slaggatherstelprojek van stapel gestuur en ongeveer 4,1 ton teer gebruik om slaggate in verskeie strate op te vul.
- Die tak in Kempton Park het AfriForum se heel eerste #MyWoonbuurt-projek in die land geloods. Herstelwerk en instandhouding is onder meer aan die munisipale infrastruktuur in Janina Village verrig. Die tak het ook in samewerking met gemeenskapslede 33 slaggate opgevul, twee spoedhobbels oorgeverf, drie ingangshekke opgeknap, drie bome gesnoei, een stormwaterdrein skoongemaak en vier padtekens vervang. Altesaam 38 sakke teer en 75 liter padverf is vir die opknapping en herstelwerk gebruik.
- Die Rayton-Heuwelsig-tak in Bloemfontein het padmerke op die hoek van Curlewisstraat en Raytonweg oorgeverf om dit meer sigbaar te maak, asook in Genl. Dan Pienaarrylaan.
- Die AfriForum-tak in Witbank het ’n projek geloods wat behels om die gebied rondom skole te beveilig. Spoedhobbels en stopstrepe op die paaie rondom die Laerskool Taalfees en die Robert Carruthers School is oorgeverf, terwyl ontbrekende padtekens rondom die Laerskool Taalfees ook vervang is. Verkeerstrepe rondom die SAVF Wonderland Dagsorgsentrum is ook oorgeverf.



Die Klerksdorp-tak maak die voëlpark skoon.



’n Slaggat in die Moot word opgevul.

# Waarom pak AfriForum die slaggatkrisis aan?

1. Volgens navorsing is Suid-Afrika se paaie tans die gevaarlikste ter wêreld. Die grootste rede hiervoor is slaggate.
2. In 2013 was R197 miljard nodig om agterstallige instandhouding op Suid-Afrikaanse paaie in te haal. Dit is nou nóg meer.
3. Sowat 80% van Suid-Afrika se paaie het reeds die einde van hul leeftyd bereik.
4. Meer as die helfte van grond- en gruispaaie is in ’n swak of baie swak toestand.
5. Omtrent ’n derde van geteerde paaie is in ’n swak of baie swak toestand.
6. Die Oos-Kaap, die Vrystaat, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga worstel die meeste met instandhouding van paaie.
7. Sedert 2014 het AfriForum-takke landwyd sowat 2 000 ton teer gebruik om slaggate op te vul. Tot op hede is daar vanjaar reeds meer as 150 ton teer hiervoor gebruik.

# Takke span eie toerusting in om verval te keer

Deur Carina Bester

AfriForum-takke het lankal reeds besluit dat hulle nie op hul plaaslike munisipaliteite kan wag om dorpe en stede in stand te hou nie, maar dat hulle dit eerder self moet doen. Takke landwyd het duisende rande se toerusting aangekoop om self hul parke, sypaadjies, ingange, spruite en groenstroke skoon en netjies te maak en sodoende munisipale verval teen te werk.

AfriForum se takke in Bloemfontein, Centurion, Middelburg en Groter Moot in Pretoria het almal trekkers aangekoop wat onder meer gebruik word om parke en velde se gras te sny. Verskeie takke beskik ook oor bossiekappers, grassnyers, trekkergrassnyers en kettingsae om maar net van die toerusting te noem.

In Sasolburg, Pretoria, Nelspruit en nog heelwat ander plekke werskaf takke en tuinspanne byna daagliks om gras te sny, sypaadjies, spruite en kanale skoon te maak en indringerplante uit te roei. Die Sasolburg-tak het teen einde April reeds 109,8 ha gras gesny met die tak se trekkergrassnyers.

Takke maak nie net skoon om die algehele beeld van hul dorpe te verbeter nie, maar ook om veiligheidsrisiko's te verminder. Daarom het die Strand-tak en Strand Patrol-buurtwag, soos baie ander takke en buurtwagte, bome en bosse by stegies en in kanale gesnoei in 'n poging om die gebied te beveilig.

Lig jou naaste tak in oor gebiede wat skoongemaak moet word, maar raak ook direk betrokke om 'n verskil te maak.



**Dean Ambrose** van AfriForum se Benoni-tak sny die sypaadjie se gras met 'n bossiekapper.



AfriForum se Groter Moot-tak het vroeër vanjaar 'n trekker aangeskaf om dié tak se tuinspan se hande ligter te maak.

## Takke spog met dié toerusting:

- 79 bossiekappers
- 40 blasers
- 23 kettingsae
- 33 vuurvegters
- 18 grassnyers
- 10 sleepwaens
- 7 trekkergrassnyers
- 5 trekkers
- 5 snyers (slashers)
- 3 bakkies
- 4 handspuite
- 2 kompakteerders
- 23 watertenks



Die Springs-tak se toerusting.



Die Stilfontein-tak se toerusting.

AfriForum se doel is om 'n stem aan die gemeenskap te gee. Gemeenskappe is tans toenemend onder druk, aangesien die staat in sy plig teenoor die land misluk, wat tot swak dienslewering en onveilige woonbuurte lei. AfriForum het gevolglik besluit om plaaslike takke in gemeenskappe op te rig. Indien jy by die werksaamhede van AfriForum wil inskakel en deel wil wees van die oplossings in jou plaaslike gemeenskap, sluit aan by of stig 'n AfriForum-tak.

takke




Buurtwagte maak 'n baie groot verskil in gemeenskappe.

**Gauteng**
- Alberton
- Brakpan
- Boksburg
- Edenvale
- Germiston
- Kempton Park
- Springs
- Benoni
- Vanderbijlpark
- Vereeniging
- Krugersdorp
- Midvaal
- Randfontein
- Roodepoort
- Westonaria
- Apiesrivier
- Bronkhorstspruit
- Hennopsrivier
- Groter Moot
- Moreletapark
- Pretoria-Wes
- Rayton-Cullinan
- Roodeplaat
- Waverley
- Wes-Moot
- Fochville
- Heidelberg
- Centurion
- Johannesburg-Noord
- Pioniers

**Vrystaat**
- Bothaville
- Frankfort
- Heilbron
- Parys
- Bethlehem
- Boshof
- Harrismith
- Senekal
- Bultfontein
- Kroonstad
- Reitz
- Steynsrus
- Sasolburg
- Welkom
- Winburg
- Bloemfontein-Noord
- Fichardtpark
- Hospitaalpark
- Langenhovenpark
- Leeuwberg
- Pellissier
- Rayton-Heuwelsig
- Uitsig
- Wilgehof

**Oos-Kaap**
- Jeffreysbaai
- Gamtoosvallei
- Port Elizabeth
- Elliot
- Kamdeboo
- Cradock
- Aliwal-Noord
- Uitenhage
- Oos-Londen

**Wes-Kaap**
- George
- Hessekwa
- Mosselbaai
- Oudtshoorn
- Helderbergkom
- Kaapstad-Noord
- Kraaifontein
- Malmesbury
- Overstrand
- Robertson
- Weskus
- Worcester
- Stellenbosch
- Vredendal
- De Doorns
- Kaap Agulhas
- Swellendam

**Mpumalanga**
- Delmas
- Ermelo
- Leandra
- Piet Retief
- Secunda
- Standerton
- Witbank
- Bethal
- Middelburg
- Belfast
- Lydenburg
- Machadodorp
- Nelspruit
- Witrivier
- Kranspoort
- Dullstroom

**Noordwes**
- Biesiesvlei
- Bloemhof
- Christiana
- Delareyville
- Hertzogville
- Sannieshof
- Schweizer-Reneke
- Vryburg
- Brits
- Swartruggens
- Coligny
- Hartbeespoort
- Koster
- Lichtenburg
- Mooinooi
- Rustenburg
- Zeerust
- Klerksdorp
- Potchefstroom
- Stilfontein
- Ventersdorp
- Wolmaransstad
- Ottosdal
- Reivilo

**KwaZulu-Natal**
- Margate
- Hluhluwe
- Newcastle
- Paulpietersburg
- Pongola
- Richardsbaai
- Utrecht
- Vryheid
- Amanzimtoti
- Sodwana

**Limpopo**
- Hoedspruit
- Marble Hall
- Phalaborwa
- Pietersburg
- Thabazimbi
- Thabazimbi-Suid
- Tzaneen
- Ellisras
- Naboomspruit
- Nylstroom
- Warmbad
- Messina

**Noord-Kaap**
- Kimberley
- Bo-Karoo
- Prieska
- Vaalharts
- Warrenton
- Williston
- Kamiesberg
- Kathu
- Keimoes
- Kuruman
- Postmasburg
- Springbok
- Upington
- Aliwal-Noord
- Delportshoop



FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

# Jonges het gedink en nie gesink in debatskompetisie

Deur Marthinus Koekemoer

Studente van die NWU-Puk het onlangs wéér stof in hul mededingers se oë gedebatteer tydens die eindrondte van die Dink of Sink-debatskompetisie vir universiteite wat by AfriForum Teater aangebied is. Die Noordwes-Universiteit (NWU) het verlede jaar ook gewen en het ongetwyfeld vol selfvertroue opgedaag.

Hulle het in die eindrondte teen Studenteplein 1 van die Universiteit Stellenbosch (US) kragte gemeet waartydens die spanne 'n saak moes stel oor Britse imperialisme se positiewe en negatiewe invloede. Louis Boshoff, Reuben Coetzer, Rian Retief en Jack Coetzer het die NWU verteenwoordig, terwyl die span van Studenteplein 1 uit Henri van der Westhuizen, Ernst Pieterse, Milda van Dyk en Adriaan van Wyk bestaan het.

Reuben Coetzer sê hy het Dink of Sink baie geniet en Van der Westhuizen hou van die uitdagings wat die kompetisie bied. "Die kompetisie gee ons 'n ongelooflike geleentheid om oor aktuele kwessies te praat en dit wat in jou kop is aan ander mense weer te gee," sê Van der Westhuizen.

Agt spanne van die Noordwes-Universiteit (NWU), die Universiteit van Pretoria (UP), die Universiteit Stellenbosch (US), Akademia en De Goede Hoop-koshuis het in Maart vanjaar weekliks aanlyn teen mekaar meegeding. Twee spanne van Maties en een elk van die Puk en Tukkies het uiteindelik tot die finale rondte deurgedring.

Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum, is bly dat die kompetisie vanjaar grotendeels kon terugkeer na die formaat wat voor die aanvang van die Covid-19-pandemie gebruik is. "Dit was weer eens 'n reusevoorreg vir AfriForum om hierdie kompetisie aan te bied en die spanne se entoesiasme en vaardigheid met woorde in Afrikaans te beleef. Hulle het hulle baie goed van hul taak gekwyt. Dit is belangrik om voor mense te kan praat en hierdie kompetisie gee die deelnemers die geleentheid om hierdie vaardigheid verder te ontwikkel."

Studenteplein 1 se spanlede het die individuele pryse ingeryg. Van der Westhuizen is as beste spreker aangewys en Pieterse het die prys vir beste taalgebruik gewen. Waldo Pienaar van Studenteplein 2 is as beste navorser aangewys.

Daniël Eloff, seremoniemeester by die eindrondte, meen die debatte was van hoë gehalte en het gewys die studente kan op hul voete dink. "Dit is belangrik vir hul toekoms en ook dié van die land, aangesien hulle die leiers van die toekoms is. Hulle sal op vele terreine 'n impak moet maak. Dit is ook bevredigend om te sien hoe goed hulle hul saak in Afrikaans kan stel."

Die hoop is dat die kompetisie in 2023, dan in sy sesde jaar, selfs nóg groter en sterker sal wees.


Bel iemand wat jy kan vertrou.

#DieNommerOmTeHou 0861 28 26 21

AVBOB-lede geniet ALTYD die voordeel

As 'n AVBOB-lid kan jy vir GRATIS begrafnisvoordele*, ter waarde van *tot en met* R17 500 van AVBOB Begrafnisdiens, kwalifiseer:

'n GRATIS begrafnis ter waarde van R12 500, wat die begrafnisreëlings, 'n gespesifiseerde kis en lykwa insluit

'n R2 500 onmiddellike kontantvoordeel vir aanvanklike uitgawes

GRATIS vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika

EN gemoedsrus wanneer jy dit die nodigste het.

www.AVBOB.co.za

*Bepalings en voorwaardes geld. GRATIS begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. FDV 20565.

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2022 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP

## *FORUM TYDSKRIF* WOORDBLOK NO. 2 VAN 2022 (Saamgestel deur Louis Krouwkamp)

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | A | L | S | E | E | L | U | O | J | Y | B | U | O | J | U | O | H | R | E | K | A | M | N | E | O | K | S |
| R | A | A | G | S | I | T | R | O | G | E | S | T | E | W | E | L | E | N | G | E | S | P | O | O | R | O | U |
| T | E | I | S | A | R | A | P | S | E | I | J | T | O | O | P | N | E | S | N | E | P | T | E | M | U | S | S |
| A | G | E | E | N | I | E | N | J | O | T | A | O | F | T | I | T | T | E | L | O | M | N | I | E | U | U | L |
| R | U | U | T | S | S | U | T | A | L | I | P | A | N | S | U | I | T | N | O | P | N | A | V | T | T | E | E |
| E | U | I | T | W | U | D | A | K | T | O | T | T | Y | D | E | N | W | Y | L | E | K | E | P | D | S | N | D |
| P | G | K | J | I | S | A | R | G | E | I | D | N | I | G | N | A | L | S | N | S | I | R | A | A | D | S | A |
| P | I | N | O | A | U | I | L | O | O | S | S | A | B | E | P | P | O | P | E | I | D | E | A | P | R | Y | D |
| A | T | A | K | K | P | D | W | O | N | K | A | L | A | N | T | S | R | E | I | E | P | O | L | P | O | W | O |
| T | G | D | E | N | H | S | N | R | D | K | W | O | E | L | W | A | T | E | R | A | A | D | E | E | O | N | O |
| S | A | R | N | I | K | F | N | E | A | V | G | G | N | I | R | O | D | U | O | J | G | E | N | R | B | E | D |
| N | R | I | B | H | O | D | L | O | E | A | S | G | E | E | W | N | E | K | I | W | I | B | P | E | R | E | N |
| E | K | V | L | U | B | P | Y | E | E | I | L | R | K | L | O | E | R | O | O | R | E | B | E | N | U | B | E |
| R | N | K | O | I | E | O | V | T | E | T | D | K | A | E | B | U | I | G | O | F | B | A | R | S | U | N | E |
| E | E | N | K | D | D | K | D | K | A | T | U | R | N | B | P | R | V | D | E | L | S | R | K | T | T | E | W |
| P | T | A | V | E | N | G | E | W | A | I | S | S | E | E | F | S | A | R | N | L | I | N | D | A | S | N | E |
| P | R | T | O | N | O | N | E | K | K | M | R | L | O | D | T | O | M | S | E | A | A | E | I | P | A | E | L |
| A | O | S | L | H | S | I | L | E | W | E | E | J | A | E | N | N | G | U | U | K | A | G | U | P | N | E | M |
| D | K | L | A | A | R | R | N | F | E | L | E | I | I | A | J | O | A | I | T | O | I | R | L | E | D | T | O |
| T | O | P | T | A | G | P | E | M | I | R | T | K | R | U | K | E | M | K | U | A | R | U | E | R | R | S | D |
| E | P | L | R | R | M | H | F | E | E | N | S | O | U | S | O | N | I | A | N | B | D | B | D | U | O | A | Y |
| M | O | A | I | D | E | O | E | M | O | K | I | E | R | A | N | G | E | J | D | E | T | N | N | V | O | L | R |
| H | F | T | E | E | N | W | I | L | E | N | D | A | N | K | R | U | U | T | T | E | U | N | E | E | B | K | T |
| L | S | J | M | I | S | A | L | P | K | E | B | R | E | K | K | E | L | N | O | O | I | T | R | G | K | L | S |
| E | T | I | M | I | U | D | S | E | E | L | V | E | I | D | N | I | G | N | I | R | O | D | G | L | A | A | P |
| F | E | E | S | R | E | T | N | E | L | F | N | E | N | Y | F | A | B | F | O | E | O | B | L | B | B | D | B |
| F | R | A | A | P | E | N | S | K | R | A | A | P | S | Y | R | N | E | P | E | I | D | N | A | A | N | S | N |
| U | T | R | O | M | T | E | E | W | R | E | T | A | W | F | O | T | U | O | S | N | E | E | G | N | A | V | E |
| B | S | T | U | L | K | E | R | E | V | E | S | R | E | D | N | E | E | N | A | V | S | L | E | O | V | H | P |

Soek die volgende Afrikaanse woorde, gesegdes, begrippe en spreekwoorde in die woordblok. Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees, asook in enige rigting. Leestekens word nie gebruik nie.
Die woorde tussen hakies is slegs ter verduideliking of vorm deel van woorde, begrippe of sinne.

**AAN DIE PEN RY** AGIE **BAK EN BROU** BAL (DIE ... MIS SLAAN) **BLUS (SY ... IS UIT)** BOE OF BA (NIE ... SÊ NIE) **BOOTJIE NA KAMMALAND** BRAS (OORDADIG EET EN DRINK) **BUFFEL (JOU ...)** DADELS (DAAR SAL ... VAN KOM) **DAG EN DATUM** DAK STEEK (LEPEL IN DIE ...) **DIE POPPE (... GAAN DANS)** DOL (MAL) **DORING IN DIE VLEES** DRONK (SO ... SOOS 'N TOR) **DUIK (IN DIE HEK ...)** DUIM (UIT SY ... SUIG) **FEES (DIE LEWE IS 'N ...)** FYN EN FLENTERS **GEE NIE 'N JOTA OF TITTEL OM NIE** GELAG (BETAAL) **GESTEWEL EN GESPOOR** HAAL DIE DAM ONDER DIE EEND (SE DINGES) UIT **HEF (DIE ... IN DIE HAND HÊ)** HINK (OF PINK) **HUID EN HAAR (MET ... INGESLUK)** JAPSNOET **JEREMIA** JOU DORING **KALANT (HY IS 'N OU ...)** KANT EN KLAAR **KAT (BAKLEI SOOS ... EN HOND)** KLA STEEN EN BEEN **KLAAR (KANT EN ...)** KLUTS (DIE ... KWYT) **KOP OF STERT** KORT EN KRAGTIG **KRUK (OM SY ... TE WEES)** KUIKEN **LEKKERBEK** LELIE (WIT) **LIEF EN LEED** LOER (OOR DIE ONDERDEUR) **LONT (RUIK)** LUNSRIEM **MENS (DIE ... WIK MAAR GOD BESKIK)** MET DAPPER EN STAPPER x2 **MET PENS EN POOTJIES (OPVREET)** MET SPEK SKIET **MIN OF MEER** NEUT (HARDE ... OM TE KRAAK) **NOOIT (... AS TE NIMMER)** NOU OF NOOIT **OLIE (OP DIE VUUR)** OP EIERS (... LOOP) **OU VREK** PAAL (STEL ... EN PERK AAN JOU GEDRAG) x2 **PARASIET** PEKEL (IN DIE ...) **PEN (AAN DIE ... RY)** PLATJIE **RAAD (MET ... EN DAAD BYSTAAN)** RAAP EN SKRAAP **RABBEDOE** RAT ('N ... VOOR DIE OË DRAAI) **RIEM ('N ... ONDER DIE HART)** RINGKOP **ROT EN KAAL STEEL** ROU (RIEM) **SIEK EN SAT** SKOENMAKER HOU JOU BY JOU LEES **SKOUER AAN DIE WIEL SIT** SLAG ('N ... SLAAN) **SPEK (MET ... SKIET)** STANK VIR DANK **STRYD OM LEWE EN DOOD** SUS (DIS ... OF SO) **TEEN WIL EN DANK** TROM (DIE ... SLAAN) **TUUR (IN DIE VERTE)** TYD (VIR ... EN WYL) **UIL (OP DIE TAK)** VAN BAKBOORD NA STUURBOORD STUUR **VAN GEEN SOUT OF WATER WEET NIE** VAN PONTIUS NA PILATUS STUUR **VET (... IN DIE VUUR)** VOËLS VAN EENDERSE VERE **WIK EN WEEG** WOELWATER **WYSNEUS**


BOSVELD WINTERS
Bateleur
ESTATE
LANDGOED
NELSPRUIT
OOP NAWEEK
23 & 24 Julie 2022 I 09:00 – 14:00
Ver van die stad se lawaai.
Naby aan alles wat jy nodig het.
Kom geniet die Laeveld in sy
winters prag en word bederf
met heerlike sop & sjerrie.
079-155-1600 • sales@bateleurestate.co.za • www.bateleurestate.co.za

# SOLIDARITEIT FINANSIËLE DIENSTE JOU ANTWOORD VIR 'N VERSEKERDE TOEKOMS

Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) is 'n gemagtigde finansiëledienstemaatskappy en deel van die Solidariteit Beweging.

Finansiële beplanning is nie net vir die toekoms nie, daarom wil SDF jou finansiële pad saam met jou stap,

Kry uitnemende diens in Afrikaans – **jou finansies in jou taal!**

**SFD bied die volgende dienste:**

- **Persoonlike finansiële advies**
- **Korttermynversekering**
- **Mediese dekking**
- **Boedelbeplanning en testamente**
- **Studielenings vir sowel Sol-Tech en Akademia**
- **Regsversekering**



**Kry die regte antwoorde op jou vrae.**
**Wees verseker van dit wat jy moet weet.**
**Kry jou kwotasie vandag nog.**

Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za

SFD
Solidariteit Finansiële Dienste